

Jaarverslag 2004



BREEK NUWE GROND



SENWES

Inhoud

Senwes Groepstruktuur	2
Missie en profiel	3
Direksie	4
Voorsittersverslag	6
Uitvoerende bestuur	9
Bedryfsoorsig	10
Finansiële oorsig	19
Verklaring van korporatiewe beheer	20
Groepoorsig	26
Staat van toegevoegde waarde	29
Verklaring van verantwoordelikheid deur die Direksie	30
Verklaring van die Sekretaris	30
Verslag van die onafhanklike ouditeure	31
Statutêre direkteursverslag	32
Rekeningkundige beleid	35
Balansstaat	42
Inkomstestaat	43
Staat van verandering in ekwiteit	44
Kontantvloeistaat	45
Aantekeninge	46
Korporatiewe inligting	75
Kennisgewing van algemene jaarvergadering	76
Volmagvorm	79

**VERDIENSTE
per aandeel**

83 c

**WESENSVERDIENSTE
per aandeel**

65 c

**NETTO
BATEWAARDE
per aandeel
(Senwesbel)**

**283 c
320 c**

**DIVIDEND
per aandeel
(Senwesbel)**


**5,5 c
6,5 c**

**OPBRENGS
op gemiddelde
aandeelhouersbelang**


36%

Finansiële hoogtepunte


Omset




Netto wins voor belasting




Wesensverdienste per aandeel




Netto batewaarde per aandeel




Eie kapitaal verhouding




Rentedraende skuld




Finansieringskoste



Kontantwins



Netto kontantvloei



Wesensverdienste
per aandeel

34%


Eie kapitaal verhouding

10%
(25% na 35%)

Finansieringskoste

38%

Senwes Groepstruktuur



Profiel

Senwes is 'n landboumaatskappy wat hom toespits op:

- Insetverskaffing aan die produsent;
- Marktoegang vir primêre landbougewasse; en
- Waardetoevoeging vir rolspelers in dié ketting.

Sedert die onderneming 95 jaar gelede gestig is, het dit gegroei en gediversifiseer en het Sentraalwes oor die jare 'n leidende rol in die Suid-Afrikaanse landboubedryf gespeel.

Op 10 April 1997 is die koöperasie omgeskakel na 'n publieke maatskappy bekend as Senwes. Senwes is ekstensief bedrywig in die graan-industrie, kleinhandel, megalisatiebesigheid asook landboukundige dienste en bedryf 'n versekeringsmakelary, met teenwoordigheid in die Vrystaat, Noordwes, Noord-Kaap en Gauteng Provincies.

Die goedgeplaaste silo-infrastruktuur bied 'n kapasiteit van 4.6 miljoen ton – wat meer as 25% van die totale Suid-Afrikaanse kommersiële opberging verteenwoordig. Sowat 30% van die land se graan en oliesade word hier opgeberg en gehanteer.

Wat kleinhandel en megalisatie betref, is Senwes ingestel op eksklusieve en mededingende waarde- en dienspakkette vir landbouprodusente. Verdere waarde word toegevoeg deur relevante insetkostefinansierings-pakkette. Die onderneming se nywerhede behels die produksie en verwerking van veevoere, saad en wyn.

Senwes ondersteun die ontwikkeling en vestiging van nuwe boere deur die aanwending van landboukundige kapasiteite in geïdentifiseerde projekte in die Senwes-gebied.

Met spanwerk, besigheidsgehalte, sake-etiek en klantediens as kernwaardes, is die sakeprioriteit ingestel op volhoubare waardeskepping en dielewering van 'n mededingende produk- en dienspakket.

Missie

Senwes is 'n

landbougerigte

sake-onderneming wat

kwaliteit produkte en

dienste lever en

waarde bied vir al sy

belanghebbendes





1 JAPIE GOUWS (50) *

BRek, BCom(Hons), GR(SA)

Direkteur Finansies sedert
Januarie 2002

2 BERTUS MOSTERT (38)

BProc

Direksielid sedert 2 Oktober 2003

3 JAN BOTMA (37)

Vier jaar op die Direksie

4 JOHAN DIQUE (48) *

BCom(Hons), GR(SA)

Besturende Direkteur sedert Augustus 2001

5 JAPIE GROBLER (52)

(Voorsitter)

Bluris, LLB

Twaalf jaar op die Direksie

6 DANIE MINNAAR (39)

(Ondervoorsitter)

BCom

Vyf jaar op die Direksie

7 THYS LOURENS (56)

BScAgric

Drie jaar op die Direksie

**8 JIMMY SHAHIM (46)**

BAgric Boerderybestuur
Vier jaar op die Direksie

9 JOHAN ALBERTS (61)

SSAF, BCom(Ekon), STR, GR(SA)
Vier jaar op die Direksie

10 FRANCOIS STRYDOM (44) *

BScAgric(Hons) (Veekunde)
Direkteur Bedryf sedert Junie 2002

11 WH VAN ZYL (62)

Twee jaar op die Direksie

12 JANNIE ELS (58)

Landboudiploma
Vier jaar op die Direksie

13 JOHN ROBERTS (61)

FCIS, ACMA
Vyf jaar op die Direksie

14 GEORGE MAGASHULA (42)

BSc(Chem), Nasionale Diploma (Analitiese Chemie),
Nagraadse kwalifikasie (Besigheidsbestuur)
Direksieliid sedert 28 November 2003

* Uitvoerende direkteure

Voorsittersverslag

TOEKOMSVISIE

Gedurende 2004 word die tienjaar bestaan van Suid-Afrika se nuwe demokrasie asook die 95-jaar bestaan van Senwes herdenk.

Sedert 1994 het wesenlike veranderings op ekonomiese, sosiale en ander vlakke in werking getree. Die nuwe demokrasie moes aanpas om voorsiening te maak om alle burgers van Suid-Afrika op gelyke voet te hanteer en die land is onmiddellik gekonfronteer met die geleenthede en realiteit van internasionale ekonomiese en tendense. Hierdie veranderings het onsekerhede, maar ook uitdagings teweeggebring. Vandag word Suid-Afrika beskou as 'n voorbeeld van suksesvolle oorgang na demokrasie en vrye ekonomiese aktiwiteite.

Senwes het sedert sy stigting as koöperasie in 1909 gegroeи tot 'n leidende rolspeler in Suid-Afrikaanse landbou. Die Maatskappy het oor die jare aangepas by nuwe en veranderde omstandighede en ook spesifiek oor die afgelope vier jaar, 'n noodsaaklike omdraaiproses deurgevoer. Senwes is trots op die sukses waarmee dit gedoen is en is goed geposioneer om die uitdagings van die toekoms te aanvaar.

Besighede benodig eerbiedwaardige verhoudings en discipline om volhoubare sukses van hul besigheidsaktiwiteite te verseker. Hierdie verantwoordelikhede verwys na alle belanghebbendes van die onderneming, naamlik klante, aandeelhouers, finansiers, verskaffers, personeel, die gemeenskap en plaaslike, provinsiale en nasionale owerhede. Besighede het dus 'n rol te speel om groter rykdom te skep tot voordeel van die ekonomiese, sosiale en omgewingsgemeenskappe waarbinne dit opereer.

Senwes onderskryf bogenoemde beginsels en beoog om die doelwitte van korporatiewe burgerskap in al sy aktiwiteite na te streef.

FINANSIELE RESULTATE

Die afgelope jaar is die hoogste resultate in die geskiedenis van die Senwes Groep behaal. Die netto wins na belasting beloop R168 miljoen teenoor verlede jaar se R56 miljoen. Uitstekende resultate is ten opsigte van Senwes se Marktoegang-divisie behaal. Die afhandeling van die prosesse om die beleggings in sekere nywerheidsbelange te vervreem, is suksesvol gefinaliseer. Insetverskaffing se negatiewe resultate was egter onbevredigend. Daar is ook enkele eenmalige inkomste-items, wat spruit uit innoverende regstellings van

aangeleenthede uit die verlede, wat nie-herhalend van aard is.

Die baie goeie finansiële resultate asook die positiewe invloed van die afgelope twee jaar se aktiwiteite op die balansstaat en die kontantvloeи van die Groep, plaas Senwes in 'n uitstekende posisie om toekomstige besigheidsuitdagings aan te pak. Dit toon ook duidelike vordering in die strategiese plan om die besigheid te laat terugkeer na kernbesigheid en om aandeelhouerswaarde te herstel.

Die verwagting was dat die betaling van dividende teen die einde van die 2004/2005 finansiële jaar moontlik sou wees. Die huidige posisie van Senwes is egter sodanig dat die Direksie aanbeveel dat 'n dividend van 5.5 sent per aandeel reeds vanjaar betaal word. Daar is ook besluit om die waarde wat op aandele geplaas word vir kredietdoeleindes, te verhoog na R1.40.

BESIGHEIDSRESULTATE

Die afgelope jaar is gekenmerk deur ongunstige klimaatsomstandighede en het uiteindelik tot gevolg gehad dat ongeveer 20% minder hektare somergraan in Senwes se tradisionele bedieningsgebied aangeplant is. Die onmiddellike gevolg daarvan was dat minder boerdery-insetmiddele- en meganisasie-aankope deur produsente gemaak is met gevoldlike negatiewe impak op die resultate van Insetverskaffing. Verbeterde kredietbeleid het ook meegehelp dat kredietrisiko binne aanvaarbare vlakke gehou is.

Senwes se aktiwiteite ten opsigte van die Graan-divisie en die skepping van marktoegang vir graanprodukte het uitstekend gepresteer vanweë goeie beskikbaarheid van graan, optimalisering van bedryfsprosesse asook innoverende transaksies vir produsente sowel as graanverbruikersklante.

Sommige van Senwes se Nywerheidsbelange was deel van die probleme die afgelope jare en baie energie is gespandeer om suksesvol daaruit te disinvesteer. Dit is nou grootliks afgehandel en die resultate daarvan kan in die opbrengste en veral in die balansstaat waargeneem word.

SWART EKONOMIESE BEMAGTIGING

Die regering het 'n sterk standpunt oor swart bemagtiging op alle vlakke van die sosio-ekonomiese spektrum. Nuwe wetgewing en vereistes maak dat rolspelers nie langer hierdie verantwoordelikhede kan uitstel of ontdui nie. Hierdie rolspelers bestaan nie net uit ondernemings soos

Senwes nie, maar ons klante, aandeelhouers, verskaffers, finansiers, personeel asook staatsinstellings, vorm 'n belangrike deel daarvan. Die suksesvolle implementering daarvan gaan in 'n groot mate afhang van die effektiwiteit waarmee die onderskeie rolspelers saamwerk om met die nodige praktiese oplossings vorendag te kom.

Die Direksie ondersteun die proses van swart ekonomiese bemagtiging wat in Suid-Afrika deurgevoer gaan word en het besluit om dit in sy volle omvang binne Senwes te implementeer. Daar is ook besluit om 'n bydrae tot die landboubedryf somgewing, waarbinne soortgelyke prosesse moet plaasvind, te lewer.

Senwes se strategieë bevat dit wat noodsaaklik is om die geleenthede wat hieruit voortspruit, ten beste te benut. Die onlangse reeks aanbiedings deur Senwes se Besturende Direkteur en prof. Willie Esterhuyse oor hierdie onderwerp aan aandeelhouers, klante en ander belangstellendes, was 'n poging om al ons belanghebbendes aan te moedig om daaraan deel te neem en daarvan 'n sukses te maak.

Dit word beoog om met die implementering van swart ekonomiese bemagtiging steeds die karakter van die organisasie te behou, hoogs mededingend te bly en geen kompromis op enige standaarde te aanvaar nie. Die Direksie is van mening dat die geleenthede wat dit bied, die sakesukses van Senwes op alle terreine sal verbeter.

ANDER ASPEKTE

Die prosesse ten opsigte van dieregsaksies teen sekere voormalige bestuurslede asook ouditeure, is steeds aan die gang. Die aanvanklike dokumentasie aan beide kante is voltooi en aansoek vir 'n hofdatum is ingedien. Kommunikasie daaroor sal deurgegee word soos die aangeleentheid vorder.

Groter onafhanklikheid en kundigheid in die Direksie is verkry deur die aanstellings van mnr George Magashula as onafhanklike nie-uitvoerende direkteur asook mnr Charles Kahan as finansiële adviseur. Verdere noodsaaklike en toepaslike veranderinge sal in die toekoms aan aandeelhouers voorgelê word.

Die strategiese plan om die Groep se aandeelhouerswaarde te herstel en standhoudende winsgewendheid te verseker, het die afgelope twee jaar wesenlike herstrukturering, veral op bedryfsvlak, tot gevolg gehad. Dit het reeds die afgelope jaar die herstelproses van aandeelwaarde 'n hupstoet gegee. Die prosesse word in die nuwe

finansiële jaar voortgesit. Ten einde toekomstige waardeontsluiting te bewerkstellig, sal aspekte soos beheermeganismes, vrye verhandelbaarheid van aandele, institusionele en ander aandeelhouers asook 'n volhoubare dividendbeleid, belangrike aspekte wees wat in ag geneem moet word. Hierdie aangeleenthede sal deurentyd met aandeelhouers getoets word.

Verlede jaar, tydens die algemene jaarvergadering, het aandeelhouers goedkeuring gegee dat sekere aandele deur die Maatskappy teruggekoop kan word. Hierdie aksie is op 26 Januarie vanjaar geloods deur 'n aanbod, volgens die mandaat van die aandeelhouers, aan aandeelhouers met aandeelhouding van minder as 10 000 aandele te maak. Baie aandeelhouers met hierdie nominale aandeelhouding was onaktief en het behoefté gehad om eerder uit te tree.

Daarbenewens bring die periodieke kommunikasie met aandeelhouers sekere herhalende koste vir die maatskappy mee. Elke aandeelhouer wat hierdie aanbod ontvang het, het 'n keuse gehad om dit te aanvaar of nie te aanvaar nie. Die proses word omsigtig hanteer om te verseker dat aandeelhouers se keuses korrek uitgevoer word. 'n Groot aantal aandeelhouers het van die aanbod gebruik gemaak, maar daar was ook aandeelhouers wat hul aandele behou het en selfs meer aandele deur die verhandelingskamer verkry het.

'n Groot aantal van die kleiner aandeelhouers het nie die keuse uitgeoefen om hul aandele te verkoop nie en sodoende hul siening dat hul aandele waarde inhoud bevestig. Dit is 'n verblydende teken.

DIE TOEKOMS

Die strategiese rigting wat drie jaar gelede ingeslaan is, word voortgesit. Die sukses wat reeds behaal is, tesame met die geleenthede wat die veranderende omgewing bied, het die Direksie laat besluit om die huidige strategie te ondersteun met 'n groeistrategie. Waar gepaste en groter transaksies hul nie voorstaan nie of nie haalbaar is nie, word uitbreidings op organiese wyse geïmplementeer deur te fokus op die kenmerke wat Senwes se besigheid van die van hul mededingers onderskei.

Die Direksie het verlede jaar reeds 'n filosofie van skeping van waarde op die vlak van ekonomiese wins aangeleem. Beide die omdraaiprosesse en nuwe uitbreidings fokus daarop. Ekonomiese wins is hoër as blote finansiële winste omdat dit 'n markverwante opbrengs op aandeelhouersfondse moet lewer.

Voorsittersverslag

...vervolg

Gedurende die afgelope jaar is 'n groot oorskot op ekonomiese wins vir aandeelhouers gelewer. Alhoewel die nuwe jaar minder rooskleurig vertoon vanweë verwagte laer oeslewerings, dui alles daarop dat begrotings vir die volgende finansiële jaar haalbaar is en dat die ekonomiese winsvlakke wel bereik sal word.

BEDANKINGS

Die proses waarmee Senwes en al sy belanghebbendes die afgelope jare vertrou was, was 'n groot uitdaging. Die resultate tot dusver was in die meeste gevalle beter as die verwagting. Dit sou nie moontlik gewees het sonder dat alle rolspelers in die proses besondere toewyding en lojaliteit aan die dag gelê het nie.

Klante het 'n belangrike rol gespeel om hul vertroue in Senwes as voorkeurverskaffer te toon deur ons in selfs moeilike landbou-omstandighede te ondersteun. Elke klant is ook 'n vennoot, saam met Senwes, in die toekoms van Suid-Afrikaanse landbou. Hartlike dank vir u deurlopende ondersteuning.

Die rol van ons finansiers, verskaffers, handelsvennote en staatsinstellings verdien besondere vermelding. Elkeen se insette en ondersteuning om besigheidsverhoudings te normaliseer en op mededingende wyse mee te help dat waardetoevoeging vir alle partye moontlik raak, word hoog waardeer.

Aandeelhouers het Senwes geleentheid gegee om hul belegging weer op die herstelpad te plaas. Die tweede jaar van hierdie proses het suksesvol afgeloop en dit kan waargeneem word in die aanbevole dividend asook die aandeelwaarde. U word bedank vir u volgehoue vertroue in die toekomstige waarde van u belegging.

Bestuur en personeel moes die afgelope jare groot druk verwerk en met nuwe en innoverende wyses waarop die besigheid geskoei moet word, voren dag kom. Die resultate is 'n pluimkie vir elkeen wat meegehelp het om dit te bereik. Die toewyding, lojaliteit en entoesiasme waarmee uitdagings aanvaar word, gee die Maatskappy 'n kompetenterende voordeel. Baie dankie aan elkeen wat sy of haar taak sodanig afgehandel het.

Baie dankie aan my mede-direkteure vir die besondere rol wat hulle vervul om goeie korporatiewe beheer moontlik te maak en om die nodige visie aan die dag te lê om die

Maatskappy se toekoms te rig. U elkeen se bydraes is in belang van al die Maatskappy se belanghebbendes.

Ek wil ook graag hulde aan die Skepper bring vir die seën wat deur die afgelope jaar deur die Maatskappy, die Direksie, die klante, die personeel en alle ander belanghebbendes ontvang is.



Japie Grobler
Voorsitter

Uitvoerende bestuur



1 ANTON LUBBE (53)

Hoofbestuurder Graan sedert 1997
BCom, Bedryfsadministrasie (Hons), MBA, MCom, PhD

2 FRANS DU PLESSIS (41)

Hoofbestuurder Handel sedert Junie 2003
BCom

3 FRANCOIS STRYDOM (44)

BScAgric(Hons) (Veekunde)
Direkteur Bedryf sedert Junie 2002
Oorhoofs verantwoordelik vir Handel,
Graan en Nywerhede

4 JOHAN DIQUE (48)

BCom(Hons), GR(SA)
Besturende Direkteur sedert Augustus 2001

5 JAPIE GOUWS (50)

BRek, BCom(Hons), GR(SA)
Direkteur Finansies sedert Januarie 2002
Oorhoofs verantwoordelik vir Finansies,
Finansiële Dienste en Korporatiewe funksies

6 JOE MASWANGANYI (38)

Hoofbestuurder Strategiese Ontwikkeling
sedert Maart 2004
BCom, Nagraadse diploma (Besigheidsadministrasie),
BOP

7 CHRISTO MORRISON (53)

Hoofbestuurder Finansiële Dienste sedert Junie 2002
BCom (Hons)

8 ANDRÉ ERASMUS (41)

Groep Interne Ouditeur sedert Januarie 2002
MCom

9 JOHAN GROBLER (40)

Hoofbestuurder Korporatiewe Bemarking
sedert Junie 2003
MCom

10 HENCO DE JAGER (42)

Hoofbestuurder Menslike Hulpbronne
sedert Augustus 2002
HBSoSC

11 STEVEN ALBERTS (38)

Hoofbestuurder Finansies sedert Junie 2002
BRek, BCompt(Hons), GR(SA)

12 ELMARIE JOYNT (34)

Groepleksekretaris en Regsadviseur
sedert Februarie 2002
BCom Regte (LLB), Prokureur van die
Hoërhof, Aff. CIBM

Bedryfsoorsig

PROFIEL

Senwes is 'n landboumaatskappy wat sy bedryf fokus op twee kernpilare van insetverskaffing aan die produsent en marktoegang vir primêre landbougewasse. Die Maatskappy het ook beleggings in enkele nywerheidsfiliale. Die kernbesigheid word ondersteun deur waardetoevoeging vir rolspelers in die ketting. Aktiwiteite vind hoofsaaklik plaas in die Vrystaat, Noordwes, Noord-Kaap en Gauteng Provincies.

Die samestelling van die Groepstrukturue word op bladsy 2 uiteengesit. Die kernaktiwiteite word as divisies van Senwes Bpk bedryf terwyl die nywerhede in volfiliale bedryf word.

Senwes se besigheidsaktiwiteite word uitgevoer in harmonie met gemeenskappe en die omgewing. Die meeste hiervan vind in landelike gebiede plaas waar dit in baie gevalle die belangrikste kommersiële aktiwiteit van die spesifieke omgewing is.

Interaksie vind met nasionale, en in sommige gevalle internasionale, verskaffers van insetmiddele en finansieringsprodukte asook afnemers van landbougewasse plaas en Senwes vervul die rol om die ekonomiese voordeel van daardie transaksies in sy besigheidsomgewing te laat realiseer.

Die jaarverslag is opgestel met die doel om 'n gebalanceerde en redelike weergawe van die ekonomiese, sosiale en omgewingsprestasies van Senwes, soos dit tans verstaan word, weer te gee.

INSETVERSKAFFING AAN DIE PRODUSENT

Verskaffing van insette aan die landbouprodusent behels die dryf van handel in insetmiddele, algemene boerderybenodigdhede, meganisasie, versekering en finansiering. Hierdie besighede word as divisies van Senwes Bpk bedryf.

Resultate en strategie

Die afgelope jaar se resultate

Die Handel het swakker as die vorige finansiële jaar gepresteert. Dit is hoofsaaklik te wye aan die effek van ongunstige landbou- en marktoestande wat laer aanplantings in die westelike graanproduserende gebiede van Suid-Afrika tot gevolg gehad het. Die laer omsette, toetredie tot die mark deur konkurrente, deflasie in belangrike landbou-insetmiddele sowel as 'n te hoë

vaste koste infrastruktuur, het veroorsaak dat marges en winsgewendheid nie op aanvaarbare vlakke was nie.

Die implementering van rasionalisasie- en herstruktureringsaksies het reeds ver gevorder en het ten doel om Handel op 'n aanvaarbare besigheidsgrondslag tot voordeel van Senwes, sowel as sy klante, te plaas.

Die kredietbeleid wat nou reeds vir twee seisoene toegepas is, het die gewenste uitwerking gehad en die totale debiteureboek is grootliks genormaliseer. Die laer graanpryse vir die grootste gedeelte van 2003, het andersyd tot gevolg gehad dat krediet op laer vlakke as vorige jare verskaf is en andersyd dat 'n hoër mate van agterstalligheid van somerproduksiekrediet op 31 Augustus 2003 voorgekom het.

Baie produsente het ook graanverkope teruggehou in afwagting op beter pryse, wat uiteindelik gerealiseer het. Die finansiële resultate van kredietverlening is bestuur tot op 'n gelykbreekvlak en heelwat nuwe finansieringsprodukte is ontwikkel wat dit vir klante meer aantreklik maak.

Toekomstige strategie

Die strategie behels die omdraai van die Handelsdivisie na 'n winsgewende besigheid deur die afhandeling van die herstrukturering, verdere optimalisering van besigheidsprosesse sowel as verhoogde fokus op bemarking en groei in markaandeel in bestaande en geselecteerde nuwe gebiede. Gedurende die jaar is vier handelswinkels aan omliggende landboumaatskappye verkoop, drie handelswinkels gesluit en rasionalisering van personeel en verlaging van koste by die oorblywende handelswinkels geïmplementeer.

'n Afsonderlike besigheidseenheid is binne Handel gevestig om direkte bemarking en gefokusde verhoudingsbestuur met klante te bewerkstellig ten einde markaandeel te vergroot. Nuwe verkoopspunt- en bedryfstelsels is vroeg in die nuwe finansiële jaar by alle bedryfs- en bestuurspunte geïmplementeer. Die belegging in personeel se kundigheid deur formele opleidingsprogramme sowel as die verbeterde funksionaliteit van die stelsels, sal bedryfsoptimalisering ondersteun.

Finansiering is onontbeerlik in die ondersteuning van Senwes se kernbesigheid. Produkinnovasie kry deurlopende aandag om voortdurende waardetoevoeging vir beide klant en Senwes te bewerkstellig. Die uitbreiding van Senwes se markaandeel in die verskaffing en finansiering van insetmiddele geniet 'n hoë prioriteit.

Korporatiewe burgerskap

Klante

Die grootste gedeelte van die klantebasis van hierdie divisie is die produsente in die hoofsaaklik graanproduksiegebiede waarna hierbo verwys is. Plaaslike nie-landbouklante ondersteun egter ook die onderskeie besigheidseenhede. Die markaandeel wissel van produk tot produk en van gebied tot gebied. Die gemiddelde markaandeel oor die hele besigheid beloop 46% waarvan 69% gefinansier word by wyse van krediet verskansing.

Produkte en dienste

Die insette behels onder andere produksiemiddelle en dienste soos saad, kunsmis, brandstof, landbouchemikalië, meganisasie heelgoedere en -onderdele, werkswinkels, presisieboerdery, besproeiingstoerusting en -onderdele, algemene boerderybenodigdhede en landbouversekering. Verskeie verskaffers se produkte en handelsmerke word bemark.

Die produkreeks word ondersteun deur markverwante finansieringsprodukte. Produksierekenings en kontrakgroeipakkette vir somer- en winteraanplantings, huurkoopooreenkomste, maandrekenings en verskeie ander opsies met aantreklike voorwaardes, is tot beskikking van klante wat insetmiddelle deur Senwes aanskaf.

Verskaffers

Die voorkeurverskaffers van die goedere en dienste is ondernemings met 'n goeie aansien wat aan sekere vereistes en norme voldoen. Die meeste van hulle is verskaffers van die bekendste handelsmerke in landboubesigheid asook die grootste finansiële- en versekeringsinstellings. Die besigheidsverhoudings met hierdie verskaffers is oor 'n lang tydperk gevestig en kontraktuele voorwaardes is billik teenoor die onderskeie partye. Betaalvoorwaardes verskil, maar die meeste verskaffers word tot 60 dae na die datum van die staat betaal. Onderhandelinge vind deurlopend op verskeie vlakke plaas en verskaffers gee die nodige ondersteuning ten opsigte van waarborgs asook produkontwikkeling en -verbetering.

Risiko's en bestuurs- en beheerstrukture

Die belangrikste eksterne risiko in insetverskaffing is die effek van algemene landbou-omstandighede op die besigheid. Dit het 'n onmiddellike impak op verkope terwyl dit 'n uitgestelde invloed op die invordering van debiteure kan hé. Daar bestaan uiteraard ook bedryfsrisiko's soos 'n veranderende markomgewing en normale bestuursrisiko's soos voorraad- en margebestuur. Die risiko's word ondervang deur die herstrukturering



INSETVERSKAFFING

HANDEL BESTUURSPAN

- | | |
|--------------------|--------------------|
| 1 Jan Coetzee | - Kleinhandel |
| 2 Willem Botha | - Groothandel |
| 3 Frans du Plessis | - Hoofbestuurder |
| 4 Patrick Roux | - Meganisasie |
| 5 Jaco Kriel | - Handel Finansies |

FINANSIEËLE DIENSTE BESTUURSPAN

- | | |
|--------------------|-----------------------------------|
| 6 Johan du Toit | - Regs- en Landboukundige Dienste |
| 7 Gerrit van Zyl | - Finansiering |
| 8 Christo Morrison | - Hoofbestuurder |
| 9 Dries Fourie | - Versekering |
| 10 Corné Kruger | - Finansiële Dienste Finansies |



Bedryfsoorsig

...vervolg



MARKTOEGANG

GRAAN BESTUURSPAN

1 Jaco Botha	- Graanbedryf
2 Jos Cohn	- Grondbonebedryf
3 Christo Booyens	- Graanbemarking
4 Danjan Weakley	- Finansies en Administrasie
5 Anton Lubbe	- Hoofbestuurder

van vastekostestrukture en 'n kredietbeleid asook kredietbeheerprosesse wat die risiko's vir twyfelagtige skuld in ag neem. Stelsels is geïmplementeer en personeelopleiding word gedoen wat gerig is op die effektiewe bestuur van bedryfsrisiko's. Hierdie herstruktureringsprosesse en nuwe strategieë is egter nog onbewese en die aflewerbaarheid van die positiewe nuwe jaar begroting bly 'n uitdaging.

MARKTOEGANG VIR PRIMÈRE LANDBOUGEWASSE

Die skepping van marktoegang vir primêre landbougewasse word ook as 'n divisie van Senwes Bpk bedryf.

Resultate en strategie

Die afgelope jaar se resultate

Uitstekende resultate is die afgelope jaar behaal in alle fasette van hierdie divisie. Dit was die gevolg van die fokus op 'n eenstopdiens aan klante, waarvan prysverskansing 'n integrale deel vorm. 'n Wye spyskaart van innoverende graanbemarkingsopsies is vir graanverkopers beskikbaar. Dit sluit in 'n makelaarsdiens asook rente- en bergingskostvrye kontantvloeitransaksies vir produsente wat nie dadelik hul graan wil verkoop nie. Die allesomvattende diens aan die afnemers van graan word toenemend op 'n meulpuntbasis verskaf. Die verkrygingsbasis en logistiese vermoëns in die divisie is die afgelope jaar uitgebrei ten einde die diens aan klante verder te verbeter. Senwes het vanjaar, saam met ander rolspelers, elektroniese silosertifikate ontwikkel en geïmplementeer.

Toekomstige strategie

Die volgende finansiële jaar gaan nie dieselfde resultate as die afgelope jaar oplewer nie. Die laer aanplantings in die westelike gebiede gedurende 2003 veroorsaak 'n laer deurset met gevoldlike laer inkomste. Die vestiging en verdere uitbreiding van die verkrygingsinfrastruktuur geniet egter voldoende fokus om hierdie risiko te verminder. Die ontwikkeling en verbetering van verskaffingsopsies en logistiese vermoëns sal ook diens aan klante verhoog. Klem word gelê op waardetoevoeging tot graan en die ontwikkeling van nismarkte.

Korporatiewe burgerskap

Klante

Die klantebasis van hierdie divisie bestaan uit produsente van die primêre landbouprodukte aan die een kant en die grootste verwerkers van en handelaars in mielie-, koring- en ander graanprodukte aan die ander kant. Produsente in die besigheidsgebied van Senwes produseer 32% van die

betrokke graanprodukte in Suid-Afrika, waarvan nagenoeg 90% deur Senwes gehanteer en bemark word. Senwes bedien ook klante in ander gebiede in Suid-Afrika.

Produkte en dienste

Die belangrikste aktiwiteite van die divisie bestaan uit die hantering en opberging van graan in die beskikbare kapasiteit van 4.6 miljoen ton, asook die bemarking van hierdie landbouprodukte aan die grootste opnemers van die produkte in Suider-Afrika.

Die produkte en dienste wat aangebied word behels die kommersiële opberging van graan, aankoopstransaksies ten opsigte van graankommoditeite, verskeie vorme van verkoopstransaksies asook 'n makelaarsdiens ten opsigte van graanbeurstransaksies. Finansiering van opgebergde graan asook die logistieke funksies wat beskikbaar is, voltooи die omvattende diens wat aan graanprodusente en -eindverbruikers gebied word.

Grondboneverwerking word vir produsente gedoen met die doel om produkte plaaslik te bemark en om plantsaad vir volgende seisoene beskikbaar te stel.

Verskaffers

Graanprodusentklante is ook die belangrikste verskaffers aan hierdie divisie. Ander verskaffers is finansiële instellings en Safex.

Risiko's en bestuurs- en beheerstrukture

Die hantering en opberging van graan hou sekere bedryfsrisiko's in, terwyl oesgroottes die inkomste van 'n spesifieke finansiële jaar kan beïnvloed. Die grootste risiko binne graanbemarking is dat graanverkopers of -kopers nie hul kontrakte in onbestendige markte nakom nie. Senwes het die nodige beleid en risikobestuursprosesse in plek om die risiko-areas te bestuur. 'n Graanrisikokomitee evalueer tweemaandeliks die resultate van hierdie prosesse en doen die nodige stappe om dit te verbeter. Gedurende die afgelope jaar is 'n risikobestuurder aangestel wat spesifiek die risiko's in hierdie divisie moet monitor. Stelsels is ook geïmplementeer om die bestuur- en beheerprosesse te vergemaklik. Die divisie voldoen aan algemeen erkende en wetlike graderingsregulasies en bedryfsveiligheidwetgewing asook die vereistes van Suid-Afrikaanse Algemene Aanvaarde Rekeningkundige Praktyk ten opsigte van die teboekstelling van transaksies.

NYWERHEDE

Senwes het die afgelope drie jaar grootliks uit sy Nywerheidsbeleggings wat nie aanvaarbaar gepresteer het

nie, gedisinvesteer. Die afgelope finansiële jaar is die 63%-belang in Kolosus Beherend Bpk en die 100%-belang in Country Bird (Edms) Bpk vervreem. Die Groep se 70%-belang in Profert (Edms) Bpk, is die afgelope jaar aan die minderheidsaandeelhouers verkoop. Die oorblywende nywerheidsbelange is gevestig in die volfiliaal Senwesko Voere (Edms) Bpk wat veevoervervaardiging doen en wat op sy beurt 'n 50%-belang het in Noordwes Voere (Edms) Bpk, asook die volfiliaal Hartswater Wynkelder (Edms) Bpk wat 'n wynkelder bedryf.

Resultate en strategie

Die afgelope jaar se resultate

Deurlopende fokus op marges, volumes, kwaliteit en klantediens het bygedra tot die sukses van Senwesko Voere die afgelope jaar. Die verdere vestiging en ontwikkeling van handelsmerke was ook suksesvol. Dit kon behaal word ten spyte daarvan dat volumes onder druk was as gevolg van die vervreemding van die aandeelhouding in Country Bird asook toenemende kompetisie in Senwesko Voere se bedieningsgebied. Aanvaarbare opbrengste word die afgelope twee jaar deur Senwesko Voere gelewer.

Die Hartswater Wynkelder het 'n goeie leveringseisoen beleef en het vanjaar 'n gelykbreekresultaat behaal.

Toekomstige strategie

Senwesko Voere se toekomstige fokus bly op margebestuur, kostbesparingsinisiatiewe, grondstoferkrygingsstrategie, klantediens asook produkontwikkeling. Die verbintenis met internasionale rolspelers en die vestiging van handelsmerke dra by tot die strategie.

Hartswater Wynkelder se strategie sluit in die ondersoek na alternatiewe markte en verpakkings. Witwynmarkte vir die komende jaar lyk belowend terwyl rooiwyn in 'n wêreldsurplus inbeweeg.

Korporatiewe burgerskap

Klante

Senwesko Voere verskaf dierevoere direk, of deur middel van Senwes en ander agente se handelstrukture, aan braaikuiken- en veeprodusente. Hartswater Wynkelder se klante is hoofsaaklik drankhandelaars, maar verkope word ook direk aan die publiek gedoen.

Produkte en dienste

Senwesko Voere se produkte en dienste behels 'n reeks voere vir braaikuikens en lêhenne, asook vir suiwel,

Bedryfsoorsig

...vervolg

beeste, skape en varke. Hartswater Wynkelder verskaf 'n wye reeks wyne.

Verskaffers

Die belangrikste grondstowwe wat in die voervervaardigingsprosesse gebruik word, is mielies, sojaboon- en sonneblomprodukte, asook sekere medikamente. Die verskaffers van mielies is hoofsaaklik Senwes produsente terwyl die ander grondstowwe by nasionale handelaars verkry word. Onderhandelings vir die verskaffing vind deurentyd teen markverwante voorwaardes plaas.

Risiko's en bestuurs- en beheerstrukture

Die belangrikste risiko's vir Senwesko Voere is die verlies aan volumes, nie-kompetenterende grondstofpryse, produkaanspreeklikheidseise asook beroepsveiligheidsrisiko's. Dit word aangespreek deur besigheidstrategieë om volumes en eenheidskoste te bestuur, deur 'n toepaslike grondstofverkrygingsbeleid en deur effektiewe bestuursbeheermaatreels.

Hartswater Wynkelder se belangrikste risiko is wisselvallige deurset weens oesgroottes en veranderende markte. Die nodige strategieë word uitgelê om dit te ondervang.

ANDER

Sekere administratiewe en finansieringsfunksies in Senwes word as korporatiewe dienste gehanteer en nie aan divisies toegedeel nie. Die doel daarvan is om aan goeie korporatiewe beheer en ander vereistes te voldoen om die kernbedrywighede van die Groep te ondersteun. Hierdie afdelings behels Direksiekoste, Landboukundige Dienste, Tesourie, Korporatiewe Finansies, Sekretariaat, Interne Oudit en Korporatiewe Bemarking.

Senwes het ook minderheidsbelange in sekere ondernemings waarvan die belangrikste 'n 6%-belang in die voedselvervaardiger Pioneer Voedsel Bpk en 'n 38%-belang in die kalkvervaardiger Grasland Ondernemings (Edms) Bpk is. Die 27%-belang in Sentra Beleggings Bpk (voorheen Sentraoes Bpk) is in die proses om uitbestuur te word.

Resultate en strategie

Die afgelope jaar se resultate

Die doelwit is om oorhoofse strukture te beperk tot die absoluut noodsaaklike wat verdere waarde tot die Groep se kernbesigheid toekoeg en wat nodig is vir goeie korporatiewe beheer. Die afgelope jaar is verdere vordering gemaak met die herstrukturering van die na-aftrede

mediese voordele ten opsigte van huidige personeel sowel as sommige voormalige personeel. Die voordele ten opsigte van alle huidige personeel is reeds op 30 April 2003 uitgefaseer en het tot gevolg dat R19 miljoen van die vorige jaar se voorsiening vir na-aftrede voordele, vanjaar teruggeskryf kon word. Daar is ook reeds geruime tyd aandag gegee aan die herstrukturering en uitfasering van die na-aftrede verpligtinge ten opsigte van sommige voormalige personeel. Die betrokke individue is reeds in kennis gestel dat toekomstige subsidies aangepas word na die premie van 'n basiese hospitaalplan met sekere chroniese medisyne voordele.

Die subsidie sal verder bepaal word deur die huidige inkomste asook diensjare by Senwes van elke betrokke voormalige personeellied. Die doel daarmee is om voormalige personeellede met laer inkomste en lang diensjare met 'n hoër bedrag te subsidieer. Die implementering hiervan sal in die tweede helfte van 2004 geskied wanneer mediese fondse normaalweg hulle nuwe opsig bekend maak. Soos verwag kon word, is besware deur sommige van die voormalige personeellede aangeteken.

Dividende van R4,6 miljoen is die afgelope jaar vanaf Pioneer Voedsel Bpk ontvang en hul tussentydse resultate tot Maart 2004 toon weer eens 'n bevredigende eerste dividend vir 2004. 'n Dividend van R8,4 miljoen is ook vanaf Sentra Beleggings Bpk ontvang as gevolg van die realisering van sekere bates van die maatskappy. Die aanduiding is ook dat 'n verdere dividend teen die einde van Junie 2004 betaal sal word.

Toekomstige strategie

Die koste van korporatiewe dienste word voortdurend onder die loep geneem om dit so effektiel moontlik te maak. Daar kan egter verwag word dat regskoste in die komende jaar sal styg as gevolg van die hofsaak van Senwes teen sommige voormalige bestuurslede en eksterne ouditeure, asook die hofsaak teen Senwes deur sommige voormalige lede van Vaalharts Koöp Bpk.

Die doel is om die kleiner beleggings oor tyd teen die mees gunstige voorwaardes te realiseer. Senwes se aandeelhouding in Pioneer Voedsel sal hanteer word om die beste finansiële voordeel vir Senwes te verkry.

Korporatiewe burgerskap

Klante

Klante van Landboukundige Dienste is produsente wat met Senwes sake doen ten opsigte van kernaktiwiteite, naamlik Insetverskaffing en Marktoegang. Die afdeling spandeer ook

'n groot gedeelte van sy bronne om Senwes se strategie met swart ekonomiese bemagtiging te ondersteun.

Produkte en dienste

Die produkte en dienste wat Landboukundige Dienste bied, behels gespesialiseerde landboukundige advies aan kommersiële produsente en opkomende boere ten einde hul besigheidsrisiko's te beperk en uitsette te optimaliseer. Die administratiewe korporatiewe dienste verskaf die nodige administratiewe, beheer- en finansieringsondersteuning aan die kernbedrywighede ten einde waarde toe te voeg en fokus te verbeter.

Verskaffers

Die Land Bank, Absa en Rand Aksepbank is die belangrikste verskaffers aan die Groep se Tesourie-afdeling terwyl ander dienste deur ondernemings met toepaslike kundigheid gelewer word. Besigheidsverhoudings word op 'n professionele grondslag gevestig en kontraktuele voorwaardes vooraf ooreengekom.

Risiko's en bestuurs- en beheerstrukture

Senwes se finansiële toestand en besigheidsverhouding met finansiers en verskaffers het die afgelope twee jaar sodanig verbeter dat verhoudings genormaliseerd is en dat die risiko om nie as lopende saak te kan voortgaan nie, uit die weg geruim is.

Veranderde wetgewing en tendense vereis aanpassing in terme van swart ekonomiese bemagtiging (SEB). Alhoewel Senwes verbind is tot die implementering van SEB, bly bereiking van gestelde doelwitte 'n uitdaging en kan die potensiële impak van nie-voldoening daarvan, 'n risiko inhou.

WERKVERSKAFFING EN ARBEIDSPRAKTYKE

Die totale permanente en tydelike personeel van die Groep het vir die jaar tot 30 April 2004 afgeneem tot 2 540. Die grootste rede vir die afname in personeelgetalle hou verband met die verkoop van die onderskeie belangte in Profert, Kolosus en Country Bird asook die afskaling in aktiwiteite van grondboneverwerking en herstrukturering van handelswinkels. Van die 2 540 personeellede is 55% in die Vrystaat, 35% in Noordwes, 7% in die Noord-Kaap en 3% in Gauteng Provincies.

Werwing en keuring van personeel het ten doel om doeltreffende aanstellings te doen. Poste word op 'n deursigtige wyse intern en/of ekstern geadverteer ten einde gesikte kandidate te bereik. Die nodige onderhoudvoering, verwysings, bevestiging van kandidaatbesonderhede,



NYWERHEDE

- | | |
|------------------|------------------------|
| 1 Piet Kleyn | - Saadafdeling |
| 2 Gerard van Zyl | - Senwesko Voere |
| 3 Roelof Maree | - Hartswater Wynkelder |



Bedryfsoorsig

...vervolg

psigometriese evaluering en ander middele word gebruik om korrekte aanstellings te doen.

Senwes is verbind tot die beginsel van transformasie deur die aanstelling van persone vanuit die aangewese groepe en gesikte kandidate vanuit hierdie groepe geniet voorkeur by die vul van vaktures. Ten einde 'n konsulerende benadering te volg om indiensnemingsbillikhed te bestuur, is 'n forum wat alle belanghebbende groepe verteenwoordig, in die lewe geroep. 'n Gees van weder-sydse vertroue is van kardinale belang om die funksie en die doel van die forum te ondersteun en onderwerpe vir bespreking, gesamentlike besluitneming en inligting, word geïdentifiseer. Hierdie voertuig sal gebruik word as 'n program vir indiensnemingsbillikhed waardeur werk-nemers bemagtig word om positiewe bydraes tot Senwes as dinamiese en gerespekteerde onderneming te lewer.

ADMINISTRATIEWE EN KORPORATIEWE DIENSTE

- | | |
|-------------------|--|
| 1 Elmarie Joyst | - Groepsekretaris |
| 2 André Erasmus | - Groep Interne Ouditeur |
| 3 Johan Grobler | - Hoofbestuurder
Korporatiewe Bemarking |
| 4 Joe Maswanganyi | - Hoofbestuurder
Strategiese Ontwikkeling |
| 5 Steven Alberts | - Hoofbestuurder
Finansies |
| 6 Henco de Jager | - Hoofbestuurder
Menslike Hulpbronne |

Opleiding geskied met behulp van deurlopende indiens-opleiding asook interne en eksterne behoeftegerigte opleidingsprogramme. Leerlingskappe word op SETA-vlak ontwikkel om spesifieke werknelmers verder toe te rus. Die afgelope jaar is gemiddeld 8,4 ure opleiding (uitgesluit indiensopleiding) per personeellid gegee.

Diensvoorwaardes voldoen aan wetsvereistes (spesifiek die Wet op Basiese Diensvoorwaardes) en is in baie gevalle beter as die minimum deur die wet vereis. Daar bestaan 'n grieweprosedure waardeur interne klages en probleme gerapporteer en opgelos kan word. Dissiplinêre maatreëls word volgens billike beginsels toegepas indien reëls oortree word of in die geval van wangedrag of swak prestasie.

Prestasievergoedingskemas, wat skepping van ekonomiese wins beoog en wat gemeet word volgens die bereiking van spesifieke doelwitte, is op senior bestuurders van toepassing. Middelbestuur en veral bemarkingspersoneel, trek voordeel uit ander aansporings- en kommissieskemas. Formele gestruktureerde prestasiemetingprosesse word minstens jaarliks ten opsigte van alle personeel aan die hand van sekere kriteria uitgevoer. Hierdeur word vergoedingsaanpassings bepaal en die leemtes en ontwikkelingsareas wat aandag verg, geïdentifiseer. Die afgelope jaar was daar 320 uitdienstredings, 181 nuwe aanstellings, waarvan 140 uit die aangewese groepe, terwyl 226 interne bevorderings geskied het waarvan 102 uit die aangewese groepe. Personeelomset beloop 12%.

Sowat 36% van personeel behoort aan vakbonde, naamlik FAWU, NUFBSRAW en Solidariteit. Onderhandelinge en konsultasie met toepaslike belanggroepes en vakbonde word gevoer ten opsigte van vergoedingsaanpassings, diensvoorwaardes en herstrukturering- en rasionaliseringsaksies.

Aantal werknemers	Groep 30 April 2004			GROEP 30 April 2003		
	Totaal	Permanent	Tydelik	Totaal	Permanent	Tydelik
Voortgesette bedrywe	2 493	2 234	259	2 823	2 356	467
Insetverskaffing	1 285	1 180	105	1 430	1 308	122
Marktoegang	855	723	132	1 026	695	331
Nywerhede	197	193	4	206	200	6
Korporatief	156	138	18	161	153	8
Eindigende bedrywe	47	47	-	3 486	2 966	520
Insetverskaffing	47	47	-	84	36	48
Marktoegang	-	-	-	200	100	100
Nywerhede	-	-	-	3 202	2 830	372
Korporatief	-	-	-	-	-	-
Totaal	2 540	2 281	259	6 309	5 322	987
Insetverskaffing	1 332	1 227	105	1 514	1 344	170
Marktoegang	855	723	132	1 226	795	431
Nywerhede	197	193	4	3 408	3 030	378
Korporatief	156	138	18	161	153	8
Totaal	2 540	2 281	259	6 309	5 322	987

SWART EKONOMIESE BEMAGTING

Senwes is verbind tot deelname aan die geleenthede wat swart ekonomiese bemagtiging aan ondernemings in Suid-Afrika bied. Hierdie geleenthede verwys na die daarstelling van 'n handves vir landbou ten opsigte van swart ekonomiese bemagtiging, fasilitering van die vestiging van nuwe boere, asook uitbreiding van sakegeleenthede saam met bemagtigingsaandeelhouers en -besighede.

As verantwoordelike korporatiewe landsburger besef Senwes die belangrikheid van die sosio-ekonomiese opheffing van landelike gemeenskappe en ondersteun derhalwe die suksesvolle vestiging en ontwikkeling van beginnerboere. In dié proses word daar gefokus op netwerkvorming met alle relevante rolspelers, insetverskaffing, marktoegang en die fasilitering van mentorskap en opleidingsbehoeftes. Senwes se Landboukundige Diensteafdeling het die afgelope jaar 'n aktiewe rol vervul, veral op die gebied van kapasiteitsbouing, deur die voorsiening van tegniese advies aan meer as 70 projekte. Verskeie inligtingsessies oor graanproduksie en -bemarking is gehou en daar is onlangs begin met 'n twaalfmaande reeks van landbouverwante praatjies, gefokus op ontwikkelende landbou, wat oor twee radiostasies in swart tale uitsaai. Die totale koste van die Landboukundige Diensteafdeling het vanjaar meer as R6 miljoen beloop.

GEMEENSKAP

Senwes besef sy verantwoordelikheid teenoor die samelewing en lewer finansiële en ander bydraes aan

organisasies en instellings in die gemeenskappe waarbinne hy sake doen. Die meeste van die Groep se bedrywe is in landelike gebiede geleë en hierdie besighede verskaf broodnodige ekonomiese aktiwiteit wat 'n bydrae lewer tot werkverskaffing en maatskaplike investering in die betrokke gebiede.

Die vergoeding aan personeel het die afgelope jaar R315 miljoen beloop wat deur daardie huishoudings gespandeer is. Die totale bedrag wat deur Senwes self aan plaaslike owerhede betaal is, beloop ongeveer R20 miljoen. Betalings deur middel van LBS, SDR-heffings ensovoorts beloop R27 miljoen, terwyl BTW-uitsette van R223 miljoen aan die staat oorbetaal is.

Ander sosiale bydraes en ondersteuning was baie gefokus op sport- en kultuurgeleenthede veral ten opsigte van skole en junior sport asook landbouverwante byeenkomste soos skoue, inligtingsdae en opleidingsessies vir opkomende boere. Die totale waarde van hierdie aksies het ongeveer R500 000 beloop.

OMGEWING

Die meeste van Senwes se aktiwiteite is geleë in plaaslike owerheidsgebiede en die normale behoeftes aan water, energie en ander dienste word deur hierdie owerhede, Eskom en by sommige persele deur boorgate verskaf. Senwes voere se veevoeraanleg op Viljoenskroon en Hartswater Wynkelder bestaan egter uit nywerheidpersele waar water en energie in groter hoeveelhede verbruik word.

Bedryfsoorsig

...vervolg

Tans word ongeveer 208 000 kiloliter water en 27 miljoen eenhede energie na beraming deur Senwes se bedryfsaktiwiteite jaarliks verbruik.

Olie word op 'n normale wyse in die werkswinkels en ander nywerheidsperselle gebruik.

Sedert 2002 het Senwes, in samewerking met die Departement van Waterwese en Bosbou, 'n rehabilitasieprogram van stapel gestuur om die besoedeling van Witpan by Viljoenskroon deur stormwaterafloop vanaf die Senwes nywerheidsaanleg, te rehabiliteer. Die soliede olieafval is ná die winterseisoen van 2002 meganies na 'n 8 hektaar terrein verwyn en versprei waar dit gedurende 2003 toegelaat is om te droog. Die oppervlakte is die afgelope plantseisoen met mielies beplant om die grond verder te herstel. 'n Stormwater opvang- en afvoerstelsel is op die nywerheidspersel geïnstalleer om die besoedeling van Witpan te beeindig. Hierdie water word gerehabiliteer en vir besproeiings- en brandbestrydingsdoeleindes op die nywerheidspersel aangewend. Die direkte koste van hierdie projek beloop reeds ongeveer R500 000. Die rehabilitasie van Witpan het tot gevolg gehad dat verskeie bekende voëlsortte wat vir baie jare nie meer daar te sien was nie, na die omgewing teruggekeer het.

RISIKO'S

Die risiko's en bestuurs- en beheerstrukture is hierbo uitgewys. Samevattend kan Senwes se langer en korter termyn risiko's soos volg gesien word:

Die langer termyn profiel van risiko's duï onder andere op aspekte soos wetgewing, regeringsoptrede, infrastruktuur, omgewing, bemagtiging, reputasie, kompetisie en aandeelhouersaktivisme. Hierdie risiko's ontstaan meestal vanuit eksterne oorde en gebeur nie oornag nie. Daar is gewoonlik 'n aanloop daarnatoe en voldoende tyd om dit te identifiseer en suksesvol te bestuur. Senwes het die afgelope jare verskeie sodanige voorvalle suksesvol gehanteer. Die Bestuur van Senwes is daarvan bewus dat sulke risiko's kan ontstaan en beskik oor die nodige inligting en kapasiteit om dit in die beste belang van die Maatskappy te bestuur.

Oor die korter termyn kan bedryfsrisiko's ontstaan waarvoor bestuurspraktyke in plek moet wees om dit te hanteer. Meer inligting daaroor is hierbo verskaf. Senwes is oortuig daarvan dat prosedures, beleid en bestuursmaatreëls in die algemeen in plek en voldoende is om dit grootliks aan te spreek.

'n Enkele eksterne risiko wat oor die kort termyn 'n invloed op Senwes se resultate kan hê, is die risiko dat klimaatsomstandighede die oesgrootte kan beïnvloed. Statistiek wys dat oesafwykings wel voorkom met sekere wesenlike afwykings van tyd tot tyd. In Senwes se geval beteken 'n wesenlike oesafwyking 'n 700 000 ton graanoes teenoor die langtermyn gemiddeld van 2,2 miljoen ton. Die finansiële effek daarvan op Senwes se besigheid, sal waarskynlik oor twee finansiële jare versprei word aangesien die invloede daarvan by insetverskaffing of by marktoegang nie in dieselfde jare sal voorkom nie. Tans is Senwes in staat om so 'n risiko vir een of twee jare te kan hanteer. 'n Toekomstige reserveringsbeleid van reserwes sal dit in berekening bring sodat Senwes in staat sal wees om waarskynlike risiko's ten opsigte van klimaatsomstandighede te kan hanteer sonder dat die maatskappy se voortbestaan daardeur bedreig word.

ALGEMEEN

Die strategiese herstelplan van Senwes vir 2002 tot 2005 is steeds op koers. In baie aspekte is beter resultate bereik as wat verwag is, terwyl ander nog nie heeltemal behaal is nie. Aandeelhouersbelang is op die herstelpad en die balansstaatverhoudings in verhouding tot die Groep se risikoprofiel, het verbeter. Sommige van die ekonomiese ratverhoudings is reeds op aanvaarbare vlakke en ander beweg daarnatoe. Baie van die noodsaaklike aanpassings in bedryfsaspekte is geïmplementeer en ander is in die proses daarvan.

Die 2003/2004 finansiële resultate is buitengewoon vir die proses waarmee Senwes besig is, en sal nie tot dieselfde mate vir 2004/2005 herhaal word nie. Senwes doen sake in 'n landbou-omgewing waar klimaatsomstandighede besigheidsaktiwiteite kan beïnvloed. Die 2003 laer someraanplantings se effek sal veral ten opsigte van Graan, eers in die 2004/2005 finansiële jaar ondervind word. Daar was ook vanjaar sekere items soos die uitfasering van sekere nywerheidsbeleggings en ander aspekte wat nie-herhalend gaan wees nie. Die rasionalisering van Handel sal egter beter resultate tot gevolg hê.



Johan Dique
Besturende Direkteur

Finansiële oorsig

INLEIDING

Die resultate van vanjaar bou voort op verlede jaar se vordering wat met die driejaar-omdraaistrategie van die Groep gemaak is. Vanjaar was die tweede jaar van die driejaarplan. Groot en positiewe impak is verkry deur uit die getekende nie-kernbedrywighede te tree en daar is ook daarin geslaag om ander kernbesighede gesond te kry. Verdere herstrukturering in die komende jaar het ten doel om die bedrywighede standhoudend en koste-effektief te maak.

GROEPRESULTATE

Die Groep se netto wins voor belasting beloop vanjaar R200 miljoen (2003 – R56 miljoen) en R168 miljoen (2003 – R56 miljoen) na belasting. Die onderste lyn het dus toegeneem met RII2 miljoen (200%). Die netto resulataat beteken 'n opbrengs op gemiddelde aandeelhouersbelang van 36% (2003 – 17%). Die wesensverdienste per aandeel beloop 64.7 sent teenoor 48.4 sent van die vorige jaar, 'n stygging van 34% vir die afgelope jaar.

Beter resultate is in die meeste bedrywe, behalwe Insetverskaffing, behaal. Finansieringskoste het tot R135 miljoen gedaal (2003 - R216 miljoen). Ingelsluit in die netto wins is inkomste van R23 miljoen uit eindige bedrywe asook R28 miljoen ten opsigte van na-aftrede mediese voorsiening.

Waarde van sake gedoen beloop R9 655 miljoen teenoor 2003 se R12 331 miljoen. Ingelsluit by hierdie bedrae is verskansingstransaksies asook direkte transaksies van R5 176 miljoen (2003 – R4 668 miljoen). Omset het met 42% gedaal tot R4 479 miljoen (2003 - R7 663 miljoen). Die vorige jaarsyfer is heelwat hoër weens die feit dat filiale wat vervreem is, daarby ingesluit was, sowel as die hoër graanpryse van die vorige jaar.

Uit die segmentontleding is dit duidelik dat die grootste bydrae tot winsgewendheid van die Groep gemaak word deur die Marktetoegang-divisie. Insetverskaffing word tans nie op winsgewende vlakke bedryf nie en verdere herstrukturering word tans gedoen ten einde dit standhoudend te verander. Die verliesbedrywe van Kolosus en Country Bird is suksesvol van die hand gesit terwyl Senwesko Voere bevredigende resultate opgelever het. Die belang in Profert is ook gedurende die jaar vervreem.

Hierdie resultate, wat voortbou op dié van die vorige jaar, bewys dat die herstrukturering en rasionalisering van die onderneming, groter fokus op kernbesighede en die verkoop van nie-kernbates van die afgelope jare, vrugte afwerp.

BALANSSTAAT

Die verhouding van eie tot vreemde kapitaal het verder verbeter vanaf 25% in die vorige jaar na die huidige 35%. Dit is die gevolg van positiewe bedryfsresultate en balansstaatbestuur. Die vervreemding van die filiale Kolosus, Country Bird en Profert, het 'n beduidende positiewe invloed op bedryfskapitaal teweeggebring. Groot graanvoorraad het egter verdere belegging in bedryfskapitaal genoodsaak.

Die volgehoute winsgewendheid, asook die terugkoop van eie aandele, het 'n positiewe bydrae tot die verbetering in netto batewaarde gehad. Die netto batewaarde per aandeel het verbeter van R1.83 (na inagneming van die impak van die vorige jaar aansuiwing weens die implementering van RE I33) na R2.83, wat 'n 55% groei verteenwoordig.

KONTANTVLOEI

Die Groep het vanjaar 'n kontantwins behaal van R227 miljoen (2003 – R174 miljoen). 'n Groot belegging in bedryfskapitaal het veroorsaak dat die Groep op 'n bykans gelykbreek kontantvloeiposisie afgesluit het. R22 miljoen se skuld kon daarmee gedelg word.

DIVIDENDE

Aangesien beide die kapitaalstruktuur en winsgewendheidsvlakte tot meer aanvaarbare vlakke herstel is, word 'n dividend van 5.5 sent per aandeel (2003 - geen) voorgestel. Dit beteken 'n dividendopbrengs op huidige aandeelprysvlakte van ongeveer 6.9%. 'n Bedrag van RII miljoen word verklaar teen 'n dividenddekking van 15 keer.



Japie Gouws
Direkteur Finansies

Korporatiewe beheer

VERKLARING VAN KORPORATIEWE BEHEER

Korporatiewe beheer geniet voortdurende aandag in Senwes en bly een van die belangrike beginsels waarteen die Direksie hulself meet.

INLEIDING

Die Senwes Groep en Direksie is verbind tot beste praktyk, korporatiewe beheer en nakoming van die King-komitee se Verslag oor Korporatiewe Beheer (King II). Die Direksie is ook van mening dat die vereistes van King II in alle wesenlike opsigte nagekom is. Die Direksie besef belanghebbendes se verwagtinge van eerlikheid, verantwoordelikheid, deursigtigheid, regverdigheid en aanspreeklikheid.

Terwyl voldoening aan King as 'n regulatoriese vereiste beskou kan word, besef die Groep die verantwoordelikhede asook die voordele wat deur die toepassing daaruit voortvloeи en wat van die Senwes Groep 'n goeie korporatiewe burger maak. Gevolglik word nie slegs finansiële prestasie gemeet nie, maar ook nie-finansiële prestasie, ten einde 'n balans van geïntegreerde ekonomiese en omgewingsprestasie te bewerkstellig.

Senwes streef deurlopend om korporatiewe standaarde te verbeter en daar is gedurende die jaar onder oorsig 'n direksiekomitee, naamlik die Standaardekomitee, gekonstitueer om hierdie taak te onderneem.

GROEPSTRUKTUUR

Die Groep opereer in 'n gesentraliseerde besigheidsmoedel met ondersteunende funksies wat ook gesentraliseerd is. Divisies het eie beheerstrukture en daar is duidelike magtigingsraamwerke ten opsigte van beide divisies en filiale wat 'n benadering van samehangende beheer deur die Groep verseker. Ontwikkelings met betrekking tot korporatiewe beheer word deur die Groep gemonitor en beheerstrukture word aangepas waar nodig.

DIE DIREKSIE HANDVES

In ooreenstemming met die aanbevelings van King II, is 'n handves vir die Direksie ontwerp en sal voormelde as verdere riglyn vir die Direksie dien ten einde die rol, pligte en verantwoordelikhede van die Direksie kollektief, asook die van individuele direkteure, te omskryf gegrond op goeie korporatiewe beheer.

Gedurende die jaar onder oorsig is voortgebou op die besigheids- en etiese raamwerk van King II deurdat direksiekomitees volle uiting gegee het aan vooraf neergelegde en goedgekeurde mandate.

Goeie en nougesette korporatiewe beheer, asook die aktiewe weerspieëling daarvan in alle fasette van die besigheid, verleen aan Senwes se belanghebbendes die gerusstelling dat hul belang voldoende beskerm word en dat waarde daartoe toegevoeg sal word.

DIREKSIE

In terme van die statute van die Maatskappy word die beheer en bestuur van die Maatskappy opgedra aan die Direksie. Die Direksie formuleer die oorhoofse strategie en beleid van die Groep en bly as hoogste gesag in die Groep verantwoordelik vir identifisering en definiëring van wesenlike geleenthede en risiko's, allokasie van hulpbronne, goedkeuring van die jaarlikse begroting, swart ekonomiese bemagtiging, die evaluasie en meting van prestasie asook die behoud van etiese standaarde vir besigheidsoptrede en die nakoming van gedelegeerde verantwoordelikheid en regulatoriese en wetgewende maatreëls. Terugvoer van sy komitees asook maandelikse bedryfsverslae wat bedryfsneigings weerspieël, word oorweeg. Nie-finansiële inligting word aan die Direksie verskaf vir oorweging van kwalitatiewe prestasiefaktore.

Samestelling

Die Direksie bestaan uit agt verkose nie-uitvoerende lede, drie uitvoerende direkteure en drie onafhanklike nie-uitvoerende direkteure (Volledige besonderhede van die direkteure verskyn op bladsy 21). Die rolle van die Voorsitter en dié van die Besturende Direkteur is geskei. Verkose nie-uitvoerende direkteure se ampstermyne strek oor vier jaar en direkteure wat die langste gedien het moet telkens op 'n rotasieberasis uittree. Uitvoerende direkteure het dienskontrakte en onafhanklike nie-uitvoerende direkteure word jaarliks aangestel. Sodoende word kontinuïteit op direksievlek verseker.

Gedurende die jaar onder oorsig is mnr George Magashula as onafhanklike nie-uitvoerende direkteur aangestel. Sodoende is die vlak van buitekundigheid van die Direksie uitgebrei. In lyn met korporatiewe beheerbeginsels bestaan die Direksie uit 'n meerderheid van nie-uitvoerende direkteure.

Naam van direkteur	Geslag	Blank (B) Swart (S)	Onafhanglik (O) Uitvoerend (U) Nie-uitvoerend(N)	Standaarde- komitee (S) Voorsitter (V)	Risikobestuurs- komitee (R) Voorsitter (V)	Menslike Hulpbronnew- komitee (M) Voorsitter (V)	Ouditkomitee (O) Voorsitter (V)
JE Grobler *	M	B	N	V			
JDM Minnaar	M	B	N	S		V	O
JPL Alberts	M	B	O				V
JP Botma	M	B	N			M	
JAE Els	M	B	N				
MJ Lourens	M	B	N		R		
GNV Magashula	M	S	O			M	
JA Mostert **	M	B	N		R		
JV Roberts	M	B	O		V		
JD Shahim	M	B	N				O
WH van Zyl	M	B	N	S		M	
WH Wiggett ***	M	B	N				
JJ Dique	M	B	U	S	R	M	O
JD Gouws	M	B	U		R		O
F Strydom	M	B	U		R		
Onafhanglike adviseurs:							
CE Kahan	M	B	O				O
PA le R van Zyl	M	B	O				

* Ex officio lid van alle komitees ** Aangestel 2 Oktober 2003 *** Uitgetree 2 Oktober 2003

Vergoeding

Naam van direkteur	Maande in diens gedurende die jaar	As direkteur/ adviseur R'000	Komitees R'000	Bestuursdienste R'000	Bonusse R'000	Ander toelaes R'000
Nie-uitvoerend:						
JE Grobler	12	178	6	-	-	24
JDM Minnaar	12	134	43	-	-	36
JPL Alberts	12	104	36	-	-	32
JP Botma	12	78	14	-	-	14
JAE Els	12	78	9	-	-	35
MJ Lourens	12	78	17	-	-	10
GNV Magashula	6	54	4	-	-	5
JA Mostert	7	49	8	-	-	8
JV Roberts	12	104	27	-	-	21
JD Shahim	12	78	17	-	-	11
WH van Zyl	12	78	14	-	-	37
WH Wiggett	5	29	-	-	-	28
Uitvoerend:						
JJ Dique	12	150	56	2 234	1 065	-
JD Gouws	12	120	34	1 289	600	-
F Strydom	12	120	17	1 370	600	-
Onafhanglike adviseurs:						
CE Kahan	6	54	8	-	-	8
PA le R van Zyl	12	171	-	-	-	-

Korporatiewe beheer

...vervolg

Vergaderings en bywoning

Die Direksie het twaalf keer gedurende die jaar onder oorsig vergader. Dit is die beleid van die Direksie om gereeld bymekaar te kom en addisionele vergaderings word geskeduleer wanneer strategiese en dringende sake dit vereis. Met die uitsondering van die ondergenoemde (soos per tabel) wat weens ander verpligte en/of buitengewone omstandighede nie die vergaderings kon bywoon nie, het alle direkteure die direksie- en direksiekomitee vergaderings bygewoon.

Direkteur verskoning aangeteken	Aantal direksievergaderings in 2003/2004 nie bygewoon nie
JPL Alberts	1
JP Botma	1
JJ Dique	1
MJ Lourens	1
GNV Magashula	2
JV Roberts	1
WH Wiggett (afgetree)	3

Advies en inligting

Ten einde die Direksie in staat te stel om doelmatig en effekief te funksioneer, word sakelyste en tersaaklike inligting tydig voor elke vergadering versprei. Tussen vergaderings word die prestasie en tersaaklike aspekte ook maandeliks aan die Direksie gerapporteer. Die direkteure het onbelemmerde toegang tot bestuur en inligting ten einde te verseker dat hul volledig op hoogte is van die sake van die Groep. Die Voorsitter en die Uitvoerende Bestuurspan is in 'n posisie om ander nie-uitvoerende direkteure volledig in te lig rondom voorgestelde besluite. Sodoende kan 'n volledige konsultasieproses gevvolg word, indien dit vereis sou word. Toegang tot tersaaklike advies word bewerkstellig.

Alle direkteure het toegang tot die dienste en advies van die Groepsekretaris wat leiding verskaf rondom hul pligte en verantwoordelikhede. Elke direkteur is voorts geregtig op en het toegang tot (vir die koste van die Maatskappy) professionele regsadvisie of andersins, indien sodanige direkteur dit in belang van die Maatskappy ag.

Voorts het die Direksie onbelemmerde toegang tot die regsadviseur van die Direksie wat as sodanig gekontrakteer is. Gedurende die jaar onder oorsig is 'n geoktrooierde rekenmeester as finansiële adviseur vir die Direksie aangewys.

DIREKSIEKOMITEES

Verskeie direksiekomitees staan die Direksie in die uitvoering van sy pligte by. Gemelde komitees tree op binne die raamwerk van formeel goedgekeurde mandate en delegasie van magte. Die effektiwiteit van die komitees, asook die mate waaraan aan die verskeie mandate voldoen word, word periodiek gemeet en aan die Direksie gerapporteer. Die Voorsitter van die Direksie het onbeperkte toegang tot vergaderings van die direksiekomitees. Die Direksie verkies jaarliks die lede van die onderskeie komitees. Besonderhede van die huidige lede van die onderskeie komitees verskyn op bladsy 21.

Menslike Hulpbronnekomitee

Dié komitee bestaan uit vier nie-uitvoerende direkteure en die Besturende Direkteur en is verantwoordelik vir die bestuur van die Maatskappy se intellektuele kapitaal en die transformasie van die arbeidsmag insake regstellende aksie. Dit sien ook om na die Uitvoerende en Senior Bestuur se vergoeding, insluitende aansporingskemas, aanbevelings rakende fooie en vergoeding vir nie-uitvoerende direkteure, die bepaling en meting van uitvoerende direkteure en senior bestuur se prestasie, retensiemaatreëls, opleiding en ander verwante menslike hulpbronne aspekte.

Die voorsitter is 'n nie-uitvoerende direkteur en die komitee het vier vergaderings gedurende die jaar onder oorsig gehou. Die Besturende Direkteur, Direkteur Finansies sowel as die Hoofbestuurder Menslike Hulpbronne woon hierdie vergaderings by en lewer toepaslike insette. Geen persoon wat die vergaderings bywoon, is teenwoordig of neem deel in enige bespreking rakende sy/haar eie vergoeding nie.

Ouditkomitee

Die Ouditkomitee bestaan uit ses lede, naamlik drie nie-uitvoerende direkteure, die Finansiële Adviseur en twee uitvoerende direkteure. Die voorsitter is 'n onafhanklike nie-uitvoerende direkteur wat ook 'n geoktrooieerde rekenmeester is. Die eksterne en interne ouditeure sowel as die Hoofbestuurder Finansies woon die vergaderings van die komitee by. Die Ouditkomitee is die skakel tussen die Direksie en die eksterne ouditeure en stel die Direksie in staat om oor die Maatskappy se finansiële kontroles en rapporteringstelsel toesig te hou.

Die Ouditkomitee fokus op en hersien die funksionering van interne beheer stelsels, funksionering van Interne Oudit departement, risiko-areas met betrekking tot bedrywe soos uitgewys deur interne en eksterne oudits, rekeningkundige standarde, integriteit van finansiële

inligting en die Maatskappy se vlak van nakoming van statutêre aspekte.

Die Ouditkomitee het gedurende die jaar onder oorsig vyf vergaderings gehou en is tevreden dat sy mandaat nagekom is.

Risikobestuurskomitee

Die komitee bestaan uit drie nie-uitvoerende direkteure en die drie uitvoerende direkteure. Die Hoofbestuurders van Graan, Handel, Finansiële Dienste sowel as die Bestuurder Interne Oudit woon ook die vergaderings by. Vier vergaderings het gedurende die jaar plaasgevind.

Hierdie komitee is getaak om die Direksie by te staan met risikobestuur en beveiliging van sy bates. Gedurende die jaar onder oorsig is intensiewe werk gedoen om wesenlike risiko's te identifiseer, kontroles en beheermaatreëls te skep en aan te spreek en om wesenlike risiko's te beperk of effekief uit te skakel. Die risikobestuursproses en onderliggende beleide is geformuleer en die komitee rapporteer deurlopend aan die Direksie. Die belangrikste risiko's word in die bedryfsoorsig aangespreek.

Die Direksie het die volgende gerusstellings van die Risikobestuurskomitee ontvang:

- Alle wesenlike en bekende risiko's wat spruit uit die daaglikse operasionele bedrywighede van die Groep is tot bevredigende en hanteerbare vlakke aangespreek deur middel van beheermaatreëls en deurlopende bestuursaandag. Dit word binne begroting en bedryfsresultate geakkommodeer.
- Potensiële eksterne risiko's wat veroorsaak mag word deur faktore soos die omgewing, mededinging en reputasie, kan ten slegste 'n gelykmatige impak oor die lang termyn inhou. Baie hiervan is reeds gedaag en die nodige bestuurskapasiteit en intellektuele kapitaal bestaan om dit effekief die hoof te bied.
- Die bedryfsresultate van die Groep in sy huidige vorm het 'n sterk korrelasie met klimaatsomstandighede en word wesenlik daardeur beïnvloed. Ekwiteit bied die eerste en belangrikste buffer teen sulke omstandighede. Die huidige stand daarvan, tesame met die deurlopende fokus op risiko's, bied vir die Groep voldoende buffer om matige droogte-toestande oor twee opeenvolgende jare met sukses te kan hanteer.

- Die vermoë om droogtes te kan hanteer, word verder versterk met die uitrol van die besigheidstrategie van uitbreidings na ander hoë potensiaal landbougebiede sonder duur kostestrukture; asook uitbreidings op nasionalevlak van besigheidsfunksies wat nie op infrastruktuur steun of die landbousiklus so direk volg nie.

Standaardekomitee

Gedurende die jaar onder oorsig het die Direksie die Standaardekomitee gekonstitueer wat bestaan uit drie nie-uitvoerende direkteure en die Besturende Direkteur. Die komitee het twee keer gedurende die jaar vergader.

Hierdie komitee bepaal en maak aanbevelings rakende die samestelling van die Direksie in die algemeen, die behoeftes en kundigheid benodig op direksie- en direksiekomitee vlak, die bepaling van riglyne vir kandidate vir direksievakatures, die evaluasie en prestasie van die Direksie in geheel asook dié van individuele direkteure.

UITVOERENDE BESTUUR

Die Uitvoerende Bestuurspan bestaan uit die Besturende Direkteur, Direkteur Finansies en die Direkteur Bedryf en ander senior bestuur. Die Uitvoerende Bestuurspan vergader twee maal per maand en staan die Besturende Direkteur by in die dag tot dag bestuur van die Maatskappy.

Die Besturende Direkteur, tesame met die Uitvoerende Bestuurspan, is verantwoordelik vir die praktiese implementering van die strategie en rigting van die Maatskappy soos bepaal deur die Direksie, prioritisering van hulpprone, vestiging van beste bestuurspraktyke en standaarde asook aanbevelings en voorleggings aan die Direksie. Die gesag van die lede en die komitee word beperk tot die magte wat deur die Direksie aan hulle gedelegeer is.

Korporatiewe beheer

...vervolg

Samestelling

Naam van beampete	Portefeuilje	Maande in diens gedurende die jaar	Blank (B) Swart (S)	Manlik (M) Vroulik (V)
JJ Dique *	Besturende Direkteur	12	B	M
JD Gouws *	Direkteur Finansies	12	B	M
F Strydom *	Direkteur Bedryf	12	B	M
SH Alberts	Hoofbestuurder Finansies	12	B	M
HJ de Jager	Hoofbestuurder Menslike Hulpbronne	12	B	M
FJ du Plessis	Hoofbestuurder Handel	12	B	M
AJ Erasmus	Groep Interne Ouditeur	12	B	M
J Grobler	Hoofbestuurder Korporatiewe Bemarking	12	B	M
EM Joynt	Groeplekretaris	12	B	V
AM Lubbe	Hoofbestuurder Graan	12	B	M
JMB Maswanganyi	Hoofbestuurder Strategiese Ontwikkeling	2	S	M
AC Morrison	Hoofbestuurder Finansiële Dienste	12	B	M

* Uitvoerende direkteure

GROEPEKRETARIS

Die Direksie stel die Groeplekretaris aan. Hierdie beampete is die nakkomings- en inligtingsbeampete van die Groep en is verantwoordelik vir die uitvoering van alle statutêre vereistes wat op die Groep van toepassing is. Direkteure het onbelemmerde toegang tot die dienste van die Sekretaris en laasgenoemde reël ook gepaste opleiding en oriëntering van direkteure waar nodig.

INTERNE BEHEER EN INTERNE OUDIT

Die Groep handhaaf stelsels van interne beheer wat fokus op kritiese risiko-areas. Hierdie stelsels en kontroles is ontwerp om redelike sekerheid aangaande die integriteit en betrouwbaarheid van die finansiële state te bied en om voldoende beveiliging en kontrole oor bates te bewerkstellig. Organisasiestruktuur, opgeleide en gekeurde personeel, skeiding van pligte en gevinstigde procedures, verseker dat die beleid geïmplementeer en nagekom word. Daar bestaan inherente beperkings wat die effektiwiteit van enige stelsel van interne beheer beïnvloed, insluitende die moontlikheid van menslike foute en die omseiling van beheermaatreëls weens samespanning. Gevolglik kan selfs 'n effektiewe interne beheerstelsel slegs redelike sekerheid ten opsigte van die opstelling van finansiële state en die beveiliging van bates verskaf. Regstellende stappe word gedoen om verbeterings aan te bring in gevalle waar leemtes geïdentifiseer word.

Die Interne Ouditafdeling, bestaande uit toepaslik gekwalificeerde personeel, funksioneer ingevolge 'n oktrooi van die Direksie en met rapporteringsverantwoordelikheid en onbeperkte toegang tot die Ouditkomitee.

WERKNEMERS

Senwes maak gebruik van verskeie strukture waar werknekmers betrokke is ten opsigte van bedeling, regstellende aksie, vaardighedsontwikkeling, veiligheid en verbetering van produktiwiteit. Die Groep is verbind om 'n werksomgewing te skep wat bevorderlik is vir eienaarskap en produktiewe deelname aan die onderneming se aktiwiteite.

VERHOUINGE MET BELANGHEBBENDES

Die Direksie streef na begrip vir alle belanghebbendes se inligtingsbehoeftes en heg groot waarde aan dialoog met almal wat by Senwes betrokke is.

Die etiese kode beheer die Groep se verantwoordelikheid teenoor alle belanghebbendes en vereis dat die Direksie, Bestuur en ander personeel hulle verbind tot die nakkoming van hoë morele en etiese standarde asook statutêre vereistes.

Senwes se bedrywe beïnvloed verskeie belanghebbendes en gevolglik word nie slegs finansiële aspekte in die jaarverslag gerapporteer nie. Voormalde poog om 'n gebalanseerde en verstaanbare verduideliking van die Groep se sake aan belanghebbendes te bied.

Die Korporatiewe Bemarkingsafdeling asook die kantoor van die Groeplekretaris speel 'n belangrike rol om voortdurende kommunikasie met belanghebbendes te verseker.

Die Senwes webtuiste, www.senwes.co.za, is 'n waardevolle medium om met belangstellendes te kommunikeer en

bevat relevante inligting rakende onder andere finansiële prestasie, bedrywe, graan- en aandeleverhandeling.

Die algemene jaarvergadering is 'n ideale geleentheid vir aandeelhouers om met direkteure en bestuur te skakel en aandeelhouers word aangemoedig om die vergadering by te woon.

Die kennisgewing van die vergadering is vervat op bladsye 76 tot 78 van hierdie verslag.

BINNEKENNIS EN HANDEL IN AANDELE

In ooreenstemming met goede praktyk het die Groep 'n beleid gevestig wat die handel met maatskappyaandele gedurende sekere tye reguleer. Gedurende bepaalde tye, die sogenaamde "geslote tye", word direkteure en personeel verbied om met die Maatskappy se aandele te handel. Hierdie geslote tye strek vanaf een maand voor jaareinde of een maand voor die halfjaar, tot en met publikasie van die toepaslike finansiële resultate. Van tyd tot tyd kan die Direksie ook addisionele tye bepaal wanneer verhandeling verbode is.

Belange van direkteure in aandelekapitaal op jaareinde (Eie naam of by wyse van ander entiteit)

Naam van direkteur	2004		2003	
	Senwes Bpk	Senwesbel Bpk	Senwes Bpk	Senwesbel Bpk
Nie-uitvoerend:				
JE Grobler	139 694	1 443 874	92 855	130 741
JDM Minnaar	335 632	2 514 505	450 388	367 249
JPL Alberts	-	-	-	-
JP Botma	136 429	158 796	11 429	9 940
JAE Els	18 130	400 000	19 582	375 097
MJ Lourens	43 848	55 561	131 298	166 377
GNV Magashula	-	-	-	-
JA Mostert	5 907	21 110	-	-
JV Roberts	-	-	-	-
JD Shahim	164 952	96 161	62 704	96 161
WH van Zyl	355 732	402 947	203 457	257 209
WH Wiggett	-	-	15 397	34 994
Uitvoerend:				
JJ Dique	128 803	-	-	-
JD Gouws	100 000	-	-	-
F Strydom	100 000	-	-	-
TOTAAL	1 529 127	5 092 954	987 110	1 437 768

Gedurende die jaar onder oorsig en effektiel sedert 1 April 2003 is 'n interne verhandelingskamer geskep waar die verhandeling van aandele plaasvind.

LOPENDE SAAK

Die finansiële jaarstate wat in hierdie jaarverslag uiteengeset word, is opgestel in ooreenstemming met Suid-Afrikaanse Algemeen Aanvaarde Rekeningkundige Praktyk. Die state is gegrond op gepaste rekeningkundige beleid wat konsekwent toegepas is, behalwe waar dit anders geopenbaar word, en word deur redelike en omsigte ramings gesteun.

Die direkteure het die strategie, begrotings, finansiële vooruitskatting en kontantvloeiprojekses nagegaan en is van mening dat die Groep in die afsienbare toekoms as 'n lopende saak sal voortgaan.

Groepoorsig

BALANSSTAAT	2004 R' m	2003 R' m	2002 R' m	2001 R' m	2000 R' m	1999 R' m	1998 R' m
Bates							
- Nie-bedryfsbates	381	437	477	609	774	882	830
- Bedryfsbates	1 772	1 944	2 508	2 795	3 199	3 031	2 410
- Totaal	2 153	2 381	2 985	3 404	3 973	3 913	3 240
Ekwiteit en aanspreeklikhede							
- Kapitaal en reserves	569	372	302	514	863	978	975
- Nie-bedryfslaste	60	113	84	75	202	226	208
- Bedryfslaste	1 524	1 896	2 599	2 815	2 908	2 709	2 057
- Totaal	2 153	2 381	2 985	3 404	3 973	3 913	3 240
Rentedraende finansiering	1 071	1 121	1 800	2 265	2 467	2 144	1 731
INKOMSTESTAAT							
Omset							
- Insetverskaffing	1 074	1 394	1 580	1 433	1 335	1 132	1 308
- Marktoegang	2 336	3 854	2 448	452	290	407	398
- Nywerhede	403	372	1 762	2 151	2 467	2 267	907
- Korporatief	12	19	7	1	-	1	1
- Eindigende bedrywe	739	2 106	357	441	337	223	172
- Intersegmentverkope	(85)	(82)	-	-	-	-	-
	4 479	7 663	6 154	4 478	4 429	4 030	2 786
- Verskansings- en direkte transaksies	5 176	4 668	3 272	2 599	632	584	432
Waarde van sake gedoen	9 655	12 331	9 426	7 077	5 061	4 614	3 218
Wins/(verlies)							
Voortgesette bedrywe							
- Insetverskaffing	(37)	6	16	(26)	27	82	99
- Marktoegang	197	156	99	78	31	29	47
- Nywerhede	15	19	(29)	(146)	(124)	(62)	(40)
- Korporatief	(40)	(29)	(21)	(29)	4	(9)	(17)
- Beleggingsinkomste	14	13	5	10	(15)	(10)	8
	149	165	70	(113)	(77)	30	97
Eindigende bedrywe	23	(66)	-	(5)	(5)	(23)	1
- Wins/(verlies) voor abnormale items	172	99	70	(118)	(82)	7	98
- Abnormale items	28	(43)	(294)	(363)	(32)	-	(69)
Wins/(verlies) voor belasting	200	56	(224)	(481)	(114)	7	29
- Belasting	(32)	-	13	92	(1)	1	(31)
- Netto wins na belasting	168	56	(211)	(389)	(115)	8	(2)
- Minderheidsbelange	-	-	(3)	41	-	2	4
Netto wins/(verlies)	168	56	(214)	(348)	(115)	10	2
Finansieringskoste	(135)	(216)	(262)	(301)	(355)	(361)	(239)
KONTANTVLOEISTAAT							
Netto kontant uit bedryfsaktiwiteite							
- Kontantwins	227	174	194	15	26	(5)	147
- Bedryfskapitaal bewegings	(434)	554	198	80	(243)	(327)	56
- Netto kontant uit beleggingsaktiwiteite	231	(10)	74	100	28	(98)	(350)
- Kontant gegenereer/(verbruik)	24	718	466	195	(189)	(430)	(147)
- Terugkoop van eie aandele	(2)	(2)	-	-	-	-	-
- Afname in langtermynlenings	-	(3)	(27)	(19)	(27)	(21)	(20)
Netto kontantvloeい	22	713	439	176	(216)	(451)	(167)

	Definisie	2004	2003	2002	2001	2000	1999	1998
GETAL GEWONE AANDELE ('m)								
Geweegde gemiddelde getal uitgereik		202	204	206	206	206	194	185
Getal uitgereik op jaareinde		201	203	206	206	206	206	185
GEWONE AANDEELPRESTASIE (SENT PER AANDEEL)								
Verdienste	1	83,0	27,4	(104,1)	(169,4)	(56,0)	53	0,5
Wesensverdienste	2	64,7	48,4	(76,9)	(106,1)	(52,5)	8,3	2,8
Wesensverdienste voor abnormale items	3	50,9	69,4	39,4	(10,5)	(36,7)	(0,0)	42,2
Kontantvloeい	4	11,9	351,2	2267	94,7	(91,9)	(222,2)	(79,4)
Netto batewaarde	5	282,6	183,3	1459	246,8	414,7	466,0	524,3
Dividend	6	5,5	-	-	-	-	2,5	6,3
Dividendopbrengs op netto batewaarde (%)	7	1,9	-	-	-	-	0,5	1,2
Dividendopbrengs op markwaarde (%) #	8	6,9	-	-	-	-	-	-
Dividenddekking (aantal keer)	9	15,2	-	-	-	-	2,0	0,1
OPBRENGSTE								
Beweging in ekwiteit (R'm)	10	197	70	(212)	(349)	(115)	3	133
Opbrengs op gemiddelde aandeelhouersbelang (%)	11	36	17	(53)	(51)	(13)	1	-
Bedryfswins uit voortgesette bedrywigheide as % van inkomste	12	5	2	(4)	(12)	(3)	1	1
Bedryfswins uit voortgesette bedrywigheide, maar voor abnormale items as % van inkomste	13	4	3	1	(3)	(2)	1	4
Effektiewe belastingkoers (%)	14	16	-	6	(20)	1	(4)	32
PRODUKTIWITEIT								
Inkomste teenoor ekwiteit (aantal keer) *	15	8	21	20	9	5	4	3
Inkomste per werknemer (R'000) *	16	1763	1215	885	495	454	402	288
SOLVABILITEIT EN LIKIDITEIT								
Ekwiteit as % van netto bates - Groep	17	35	25	14	18	26	30	36
Ekwiteit as % van netto bates - Maatskappy	18	35	28	16	20	27	32	37
Ekwiteit as % van netto bates, agentskapsgraandebiteure uitgesluit - Groep	19	41	31	18	21	30	36	38
Ekwiteit as % van netto bates, agentskapsgraandebiteure uitgesluit - Maatskappy	20	41	37	20	23	33	39	39
Rentedekking deur kontantwinste	21	2,7	1,8	1,8	1,1	1,2	1,1	1,4
Hefboomfinansieringsverhouding (%)	22	185	289	596	441	286	219	176
Rentevrye laste as % van ekwiteit	23	90	239	292	122	73	71	70
Bedryfsverhouding	24	1,2	1,0	1,0	1,0	1,1	1,1	1,2
Vuurproefverhouding	25	0,7	0,7	0,7	0,7	0,8	0,9	0,9

* Inkomste hersaamgestel as gevolg van die aparte openbaarmaking van waarde van sake gedoen.

Verhandeling van aandele het effektief in April 2003 begin. Voor hierdie datum word aandele geag nie 'n billike markwaarde te hê nie.

Definisies

1. VERDIENSTE PER AANDEEL

Verdienste toeskrybaar aan aandeelhouers gedeel deur die geweegde gemiddelde aantal uitgereikte aandele vir die jaar.

2. WESENSVERDIENSTE PER AANDEEL

Verdienste per aandeel toeskrybaar aan aandeelhouers, met uitsluiting van:

- wins/(verlies) met verkoop van vaste bates,
- wins/(verlies) met verkoop en/of beëindiging van bedrywighede,
- voorsiening vir waardedaling van bates,
- amortisasie van klandisiewaarde,
- gedeel deur die geweegde gemiddelde uitgereikte aandele gedurende die jaar.

3. WESENSVERDIENSTE PER AANDEEL VOOR ABNORMALE ITEMS

Dieselde as vir wesensverdienste per aandeel, behalwe vir die verdere uitsluiting van abnormale items.

4. KONTANTVLOEI PER AANDEEL

Toeskryfbare kontantvloei uit bedrywighede gedeel deur die geweegde gemiddelde uitgereikte aantal aandele gedurende die jaar.

5. NETTO BATEWAARDE PER AANDEEL

Kapitaal en reserwes, verminder met ontasbare bates, gedeel deur die uitgereikte aantal aandele op jaareinde.

6. DIVIDEND PER AANDEEL

Totale dividend verklaar gedeel deur die uitgereikte aantal aandele op jaareinde.

7. DIVIDENDOPBRENGS OP NETTO BATEWAARDE

Dividend per aandeel, gedeel deur die netto batewaarde per aandeel soos op jaareinde.

8. DIVIDENDOPBRENGS OP MARKWAARDE

Dividend per aandeel, gedeel deur die markwaarde per aandeel soos per die laaste transaksie vir die finansiële jaar.

9. DIVIDENDDEKKING

Toeskryfbare wins vir die jaar gedeel deur die totale dividend verklaar.

10. BEWEGING IN EKWITEIT

Verskil in kapitaal en reserwes in huidige jaar teenoor vorige jaar.

II. OPBRENGS OP GEMIDDELDE AANDEELHOUERSBELANG

Verdienste toeskrybaar aan aandeelhouers uitgedruk as 'n % van gemiddelde kapitaal en reserwes.

12. BEDRYFSWINS UIT VOORTGESETTE BEDRYWIGHEDE AS % VAN INKOMSTE

Selfverklarend.

13. BEDRYFSWINS UIT VOORTGESETTE BEDRYWIGHEDE, MAAR VOOR ABNORMALE ITEMS, AS % VAN INKOMSTE

Selfverklarend.

14. EFFEKTIEWE BELASTINGKOERS

Werklike inkomstebelasting-uitgawe as % van netto inkomste.

15. INKOMSTE/EKWITEIT (aantal keer)

Inkomste gedeel deur ekwiteit.

16. INKOMSTE PER WERKNEMER

Inkomste gedeel deur die aantal permanente werknemers op jaareinde in diens.

17. EKWITEIT AS % VAN NETTO BATES - GROEP

Kapitaal en reserwes uitgedruk as % van totale bates verminder met rentevrye finansiering.

18. EKWITEIT AS % VAN NETTO BATES - MAATSKAPPY

Kyk definisie I7.

19. EKWITEIT AS % VAN NETTO BATES MET UITSLUITING VAN AGENTSKAPSGRAANDEBITEURE - GROEP

Kapitaal en reserwes uitgedruk as % van totale bates na uitsluiting van agentskapsgraandebiteure en rentevrye finansiering.

20. EKWITEIT AS % VAN NETTO BATES MET UITSLUITING VAN AGENTSKAPSGRAANDEBITEURE - MAATSKAPPY

Kyk definisie I9.

21. RENTEDEKKING DEUR KONTANTWINSTE

Kontantwinste voor finansieringskoste gedeel deur finansieringskoste.

22. HEFBOOMFINANSIERINGSVERHOUDING

Rentedraende skuld, verminder met kontant, gedeel deur kapitaal en reserwes.

23. RENTEVRYE LASTE AS % VAN EKWITEIT

Rentevrye laste en voorsienings gedeel deur ekwiteit.

24. BEDRYFSVERHOUDING

Bedryfsbates gedeel deur bedryfslaste.

25. VUURPROEFVERHOUDING


Bedryfsbates minus voorraad gedeel deur bedryfslaste.

Staat van toegevoegde waarde


vir die jaar geëindig 30 April

	GROEP				MAATSKAPPY			
	2004		2003		2004		2003	
	R'm	%	R'm	%	R'm	%	R'm	%
SKEP VAN WELVAART								
Omset	4 479		7 663		3 530		5 386	
Beleggingsinkomste	14		13		33		14	
Betaal aan verskaffers van goedere en dienste	(3 768)		(6 820)		(2 937)		(4 856)	
	725		856		626		544	
VERSPREIDING VAN WELVAART								
Werknemers	315	43	428	50	242	39	230	42
Owerhede	79	11	63	7	66	10	30	6
Verskaffers van eksterne kapitaal	135	19	216	25	129	21	190	35
Beskikbaar vir eienaars								
Teruggehou vir uitbreiding en groei	168	23	56	7	164	26	60	11
Voorsien vir batevervanging	27	4	35	4	24	4	25	4
Waardedalings van bates	1	-	58	7	1	-	9	2
	725	100	856	100	626	100	544	100

Verspreiding van welvaart - Groep 2004



Verspreiding van welvaart - Groep 2003



Verklaring van verantwoordelikheid deur die Direksie


Die direkteure is verantwoordelik vir die voorbereiding, integriteit en redelike weergawe van die finansiële state van Senwes Bpk en sy filiale. Die finansiële state uiteengesit op bladsy 32 tot 74 is opgestel in ooreenstemming met Suid-Afrikaanse Standpunte van Algemeen Aanvaarde Rekeningkundige Praktyk. Die direkteure het ook alle ander inligting wat ingesluit is in hierdie jaarverslag voorberei en is verantwoordelik vir beide die akkuraatheid en konsekwentheid van die finansiële state.

Die direkteure is ook verantwoordelik vir die Maatskappy se stelsel van interne finansiële beheer en risikobestuur en beide word op gereeld basis nagegaan. Hierdie kontroles is ontwerp om redelike, maar nie absolute gerusstelling te bied oor die betroubaarheid van die finansiële state, toereikende beveiliging en instandhouding van die bates te bied en om wanvoorstelling en verliese te voorkom en op te spoor. Geen aangeleenthede het onder die aandag van die Direksie gekom wat 'n wesenlike tekortkoming in die funksionering van hierdie kontroles, procedures en stelsels gedurende die jaar onder oorskou, mag aandui nie.

Die lopende saak grondslag is gebruik by die opstel van die finansiële state. Die direkteure het geen rede om te glo dat die Groep of enige maatskappy in die Groep nie 'n lopende saak in die nabije toekoms sal wees nie, gebaseer op resultate, bedryfstendense, markomgewing, vooruitskatting, risiko's, kapitaalstruktuur en beskikbare kontant- en finansieringsbronne.

Die finansiële state is geouditeer deur die onafhanklike ouditeure, Ernst & Young. Die onafhanklike ouditeure is onbeperkte toegang verleen tot alle finansiële rekords, ingesluit alle notules van direksie-, direksiekomitee-, bestuurs- en aandeelhouervergaderings. Die direkteure glo dat alle voorstellings aan die onafhanklike ouditeure tydens die audit, geldig en behoorlik was.

Die Maatskappy finansiële jaarstate en die Groep finansiële jaarstate vir die jaar geëindig 30 April 2004, soos uiteengesit op bladsy 32 tot 74, is deur die Direksie goedgekeur.



JE Grobler
Voorsitter



JJ Dique
Besturende
Direkteur



JD Gouws
Direkteur
Finansies

24 Junie 2004

Verklaring van die Sekretaris

Die Sekretaris sertifiseer in terme van artikel 268G(d) van die Maatskappywet, soos gewysig, dat alle opgawes soos vereis deur genoemde Wet, ingedien is by die Registrateur van Maatskappye en dat genoemde opgawes waar, korrek en op datum is.



EM Joynt
Sekretaris

24 Junie 2004

Verslag van die onafhanklike ouditeure

Aan die lede van

SENWES BPK

Ons het die finansiële jaarstate van die Maatskappy en Groep finansiële jaarstate van Senwes Bpk, soos uiteengesit op bladsye 32 tot 74, vir die jaar geëindig 30 April 2004 geouditeer. Hierdie finansiële state is die verantwoordelikheid van die Maatskappy se direkteure. Ons verantwoordelikheid is om op grond van ons audit 'n mening oor hierdie finansiële state uit te spreek.

Omvang

Ons het ons audit ooreenkomsdig standpunte van Suid-Afrikaanse Ouditstandaarde uitgevoer. Hierdie standaarde vereis dat ons die audit beplan en onderneem ten einde redelike gerusstelling te verkry dat die finansiële state vry is van wesentlike wanvoorstellings. 'n Oudit sluit in:

- 'n ondersoek, op 'n toetsgrondslag, van bewyse wat bedrae en openbaarmakings in die finansiële state steun;
- 'n beoordeling van die rekeningkundige beginsels wat gebruik is en beduidende ramings deur bestuur gemaak; asook
- 'n evaluering van die algehele aanbieding van die finansiële state.

Ons is van mening dat ons audit 'n redelike grondslag vir ons mening verskaf.

Ouditmening

Na ons mening bied hierdie finansiële state, in alle wesentlike opsigte, 'n redelike weergawe van die finansiële stand van die Maatskappy en Groep op 30 April 2004 en van die resultate van sy bedrywighede en kontantvloei-inligting vir die jaar wat op daardie datum geëindig het, in ooreenstemming met Suid-Afrikaanse Standpunte van Algemeen Aanvaarde Rekeningkundige Praktyk en op die wyse deur die Maatskappywet in Suid-Afrika vereis.

Ernst & Young
Ernst & Young
Geoktrooieerde Rekenmeesters (SA)
Geregistreerde Rekenmeesters en Ouditeure

24 Junie 2004
Johannesburg

Statutêre direkteursverslag

1. HOOFDOELSTELLINGS

Die hoofdoelstellings van die Maatskappy is die volgende:

- 1.1 Verskaffing van primêre landbou-insette.

- 1.2 Skepping van marktoegang vir landbouprodukte.

2. VERANDERING IN DIE AARD VAN AKTIWITEITE

- 2.1 Geen wesenlike veranderings het gedurende die jaar plaasgevind in die aard van eiendom, aanleg en toerusting nie.
- 2.2 Sekere bedrywigheide is vervreem (sien 3.2, 3.3 en 3.4).

3. FILIALE EN ANDER FINANSIELLE BATES

- 3.1 Besonderhede van die houermaatskappy se belang in filiale en ander finansiële bates word in aantekeninge 4 en 5 tot die finansiële state uiteengesit.
- 3.2 Die 63%-belang in Kokusus Beherend Bpk is op 29 Julie 2004 vervreem nadat goedkeuring van die Mededingingskommissie verkry is.
- 3.3 Gedurende die jaar is 'n ooreenkoms bereik vir die vervreemding van die volle belang van Senwes in Country Bird (Edms) Bpk. Die transaksie se effektiewe datum is 26 November 2003 waarop die Mededingingskommissie die transaksie goedgekeur het. Die Groep het met hierdie transaksie uitgetree uit die braaikuikenbedryf. (Sien aantekening 27.)
- 3.4 Die 70%-belang wat die Groep besit het in die kunsmisvermengingsmaatskappy Profert (Edms) Bpk, is gedurende die jaar vervreem. Die transaksie is op 19 November 2003 deur die Mededingingskommissie goedgekeur. (Sien aantekening 27.)

4. RESULTATE

Die netto wins na belasting vir die Groep vir die jaar onder oorskig het R168 miljoen beloop (2003 – R56 miljoen).

Die opgesomde resultate is soos volg:

	GROEP		MAATSKAPPY	
	2004 R'm	2003 R'm	2004 R'm	2003 R'm
Omset	4 479	7 663	3 530	5 386
Waarde van sake gedoen	9 655	12 331	8 706	10 054
Bedryfswins	321	259	290	232
Netto wins na belasting	168	56	164	60

Verwys aantekening 1 tot die finansiële state vir die volledige segmentontleding.

Ingesluit by waarde van sake gedoen, is verskansings- en direkte transaksies ten bedrae van R5 176 miljoen (2003 – R4 668 miljoen). Omset het met 42% gedaal tot R4 479 miljoen, hoofsaaklik weens die Marktoegang-divisie se daling in omset as gevolg van die daling in graanpryse asook die vervreemding van die aandeelhouding in Kolosus, Country Bird en Profert. Die Insetverskaffing-divisie se omset het met 20% gedaal, hoofsaaklik as gevolg van die daling in direkte insetverkope weens die laer aanplantings in die streek, asook 'n daling in megalisasieomsette van heelwerktuie en onderdele.

Daar was steeds 'n toename in die bedryfswins van R62 miljoen (24%). Die R144 miljoen styging in die wins voor belasting, is toeskrybaar aan beter prestatie in graanaktiwiteite asook die feit dat finansieringskoste met R81 miljoen (38%) gedaal het.

Gedurende die jaar is verskeie nie-winsgewende bedrywe vervreem met 'n gevolglike positiewe effek op die onderste lyn.

Die oorblywende Nywerheidsbedrywighede soos Senwesko Voere en die Saadafdeling, het positiewe resultate getoon.

Die opgesomde balansstaat is soos volg:

	GROEP		MAATSKAPPY	
	2004 R'm	2003 R'm	2004 R'm	2003 R'm
Totale bates	2 153	2 381	2 103	1 913
Totale netto rentedraende skuld	1 050	1 074	1 047	841

Die verhoogde balansstaat van die Maatskappy op jaareinde, is die gevolg van 'n groter belegging in graanvoorraad wat gedeeltelik teegewerk is deur die verlaagde finansieringsdebiture en beleggings in filiale wat te geldie gemaak is.

'n Oorsig van die jaar se resultate word ook in die finansiële oorsig op bladsy 19 gegee.

5. DIVIDENDE

Die direkteure stel voor dat 'n finale dividend van 5.5 sent per aandeel (2003 – nul sent) verklaar word. Geen interim dividend (2003 – nul sent) is gedurende

die jaar betaal nie. Alle aandeelhouers wat geregistreerde aandeelhouers is in die aandeleregister soos op 10 Augustus 2004 sal dividende ontvang wat op ongeveer 20 Augustus 2004 uitbetaal sal word.

6. DIREKTEURE EN SEKRETARIS

6.1 Die name van die direkteure verskyn op bladsy 4

Die volgende bedankings en uittredes gaan geskied:

JP Botma (12 Augustus 2004)
JD Shahim (12 Augustus 2004)

Die volgende aanstellings gaan geskied:

JP Botma (12 Augustus 2004)
JD Shahim (12 Augustus 2004)

Die onafhanklike nie-uitvoerende direkteure word jaarliks deur die Direksie verkies na afloop van die algemene jaarvergadering. Die direkteure is tans mnre JPL Alberts, GNV Magashula en JV Roberts.

6.2 Sekretaris

EM Joynt

Geregistreerde adres - Charel de Klerkstraat 1,
Klerksdorp.

6.3 Openbare amptenaar

JD Gouws

7. AANDELEKAPITAAL

Geen uitreiking van aandele het gedurende die jaar plaasgevind nie. Gedurende die jaar is 1 599 264 (2003 – 2 638 149) aandele van die Maatskappy ingevolge die statute teruggekoop teen RI 860 809. Die netto resultaat daarvan is verantwoord teen die nie-verdeelbare reserwe soos uiteengesit in die staat van verandering in ekwiteit. Bestaande aandeelhouers is deur die terugkope bevoordeel deurdat die netto batewaarde per aandeel met ongeveer 3 sent per aandeel verhoog is.

8. TERUGKOOP VAN AANDELE

Senwesbel, Senwes se houermaatskappy, het op 26 Januarie 2004 'n aanbod aan Senwes en Senwesbel aandeelhouers met minder as 10 000 aandele of aandele in boedels gehou, gemaak om hul aandele te koop. Die aanbod het aan aandeelhouers

die keuse tot 23 April 2004 gegee om hul aandele te behou of om die aanbod te aanvaar.

Aandeelhouers wie se aandele onbeswaar was, het tjeks ontvang met die keuse om hul aandele te hou deur nie die tjeuk te bank nie of om die aanbod te aanvaar deur die tjeuk te bank. Aandeelhouers wie se aandele verpand was as sekuriteit aan Senwes of enige ander party, het 'n keusevorm ontvang wat voltooi moes word om die aandele te behou. By versuim is dit geag dat die aanbod aanvaar is en is die opbrengs van die aandele teen skuldverpligte aangewend, indien enige.

Die meeste van die aandeelhouers het hul keuse op bogenoemde wyse uitgeoefen en die aanbod is daarvolgens hanteer. Op 23 April 2004 het 1 704 aandeelhouers nie op die aanbod gereageer nie. Gevolglik is die aanbod geag aanvaar te wees en is die opbrengs van die aandele aan die lede voorsien by wyse van 'n tjeuk of krediet op bestaande rekeningfasiliteite.

Van hierdie aandeelhouers het egter na die sperdatum gereageer en het aangedui dat hul verkies om aandeelhouers te bly. Ten einde administratief te verseker dat aandeelhouers se wense uitgevoer word, was geleentheid tot 20 Junie 2004 vir dié aandeelhouers gegee om te reageer op die aanbod van 26 Januarie 2004. Voormalde behels dus 'n wysiging van die aanvanklike aanbodvoorwaardes maar word spesifiek gedoen om aandeelhouers tegemoet te kom.

Voortspruitend uit bogenoemde het die aandeleregister op jaareinde verskil van die finansiële state weens die feit dat 'n nie-wesenlike aantal aandeelhouers se terugkoop van aandele hanteer is in die register asof die koop reeds deur is terwyl die tjeks wat aanvaarding verteenwoordig nog nie gewissel is nie. Weens omsigtigheidsredes word hierdie aandele steeds as uitgereik aan hierdie aandeelhouers beskou.

9. HOUERMAATSKAPPY

Die houermaatskappy van Senwes Bpk is Senwesbel Bpk.

10. GEBEURE NA BALANSSTAATDATUM

Geen.

11. BELANGRIKE HOFGEDINGE UITSTAANDE EN ANDER VOORWAARDELIKE ITEMS

Die moontlike voorwaardelike aanspreeklikhede met betrekking tot die voormalige Vaalharts Koöp lede en SAID word volledig in aantekening 19 openbaar.

Statutêre direkteursverslag

...vervolg

Soos reeds in die vorige jaar openbaar gemaak, het die Maatskappy ook regsoptrede ingestel teenoor sy vorige ouditeure, PricewaterhouseCoopers Ing, asook sekere vorige bestuurslede. Die eise handel oor optrede en gevolglike voortvloeiende verliese wat ontstaan het in die finansiële jare 1998 tot 2000.

12. SPESIALE BESLUITE

Tydens die algemene jaarvergadering op 2 Oktober 2003 is spesiale besluite geneem dat:

- 12.1 algemene magtiging aan die Direksie verleen word om eie aandele terug te koop;
- 12.2 bepaalde magtiging aan die Direksie verleen word om eie aandele terug te koop in gevalle van:
 - 12.2.1 bestorwe/insolvente boedels;
 - 12.2.2 eksekusieveilings;
 - 12.2.3 solvente aandeelhouers wat 70 jaar en ouer is;
 - 12.2.4 aandele aangebied by die verhandelingskamer;
 - 12.2.5 aandele van filiale; en
 - 12.2.6 aandele van aandeelhouers met minder as 10 000 aandele.

Rekeningkundige beleid

1. REKENINGKUNDIGE BELEID

Die rekeningkundige beleid wat deur die Groep toegepas word, is in ooreenstemming met dié van die vorige finansiële jaar, behalwe waar anders aangedui.

1.1 Basis van aanbieding

Die finansiële state is opgestel in ooreenstemming met en voldoen aan die Suid-Afrikaanse Standpunte van Algemeen Aanvaarde Rekeningkundige Praktyk. Die finansiële state word opgestel volgens die historiesekoste-grondslag, behalwe vir afgeleide finansiële instrumente en beskikbaar-vir-verkoop finansiële bates. Die drawaardes van bates en laste wat verskans is, word aangepas om veranderinge in die billike waardes weens die risiko's wat verskans word, te weerspieël.

1.2 Verandering in rekeningkundige beleid

Op 1 Mei 2003 het die Groep RE I33 rakende die erkenning en meting van finansiële instrumente aanvaar en implementeer. Aanvaarding van RE I33 behels die volgende veranderinge in rekeningkundige beleide soos voorgeskryf deur die oorgangsbepalings van die standpunt:

- Beleggings gehou deur die Groep op 1 Mei 2003 word onder RE I33 geklassifieer as beskikbaar-vir-verkoop en word getoon teen billike waarde. Veranderinge in die billike waarde van beskikbaar-vir-verkoop finansiële bates word apart aangetoond in die staat van verandering in ekwiteit onder onaangewende inkomste. Indien hierdie bates verkoop word, sal die opgehoopte wins of verlies weens billike waarde aanpassings erken in ekwiteit, oorgeplaas word na die netto wins of verlies in die inkomstestaat. Voorheen is beleggings gehou deur die Groep getoon teen kosprys min enige waardedalings. Onder die oorgangsbepalings van RE I33 het hierdie verandering in rekeningkundige beleid 'n krediet teen onaangewende inkomste van R27 miljoen tot gevolg gehad.

Sien I.8 met betrekking tot die verandering in die rekeningkundige beleid van voorraadwaardasie.

1.3 Konsolidasiebeleid en filiale

Filiale is entiteite waar beheer oor die entiteite se bedryfs- en finansiële beleid uitgeoefen kan word ten einde voordeel uit sy aktiwiteite te trek of waar die Groep die meerderheid van die stemreg besit.

Die gekonsolideerde finansiële jaarstate sluit die bates en laste van al die filiale en hul resultate vir die periode in. In geval van verkryging of belangverandering gedurende die jaar, is die resultate van die betrokke filiale ingesluit vanaf die datum van effektiewe beheer, of tot die datum van afstanddoening van effektiewe beheer. Intergroeptransaksies, -balanse en ongerealiseerde winste en verliese tussen maatskappye in die Groep word geëlimineer.

Enige voorsienings vir afskrywings van die beleggings soos veroorsaak deur die ontstaan van opgehoopte verliese in die entiteit word teruggeskryf by konsolidasie. Waar waardedalings voorkom, word dit teen die betrokke bateklas verantwoord.

Beleggings in filiale op maatskappylak word getoon teen kosprys min enige voorsienings vir waardedalings.

1.4 Gesamentlike ondernemings

Gesamentlike ondernemings is ondernemings ingevolge waarvan die Groep, saam met een of meer ander ondernemers, 'n ekonomiese aktiwiteit uitvoer wat aan gesamentlike beheer onderworpe is.

Die Groep se belang in gesamentlike ondernemings is deur die proporsionele konsolidasiemetode in berekening gebring.

Die inkomstestaat, balansstaat, kontantvloeistaat en staat van verandering in ekwiteit sluit die Groep se gedeelte van inkomste, uitgawes, bates, laste en kontantvloei van hierdie gesamentlike ondernemings op 'n lyn-vir-lyn-grondslag in.

1.5 Ander beleggings

Alle beleggings word aanvanklik erken teen kosprys, dit is die bedrag betaal ingesluit enige verkrygingskoste wat met die belegging geassosieer word.

Na aanvanklike erkenning word beleggings wat geklassifiseer word as beskikbaar-vir-verkoop, aangepas na billike waarde. Wins of verlies wat ontstaan met die billike waarde aanpassings op hierdie beleggings word direk teen ekwiteit erken. Sodra die belegging verkoop of vervreem word, of indien enige waardedalings erken word, word die opgelope wins of verlies voorheen as ekwiteit getoon, ingeneem as deel van die netto wins of verlies in die inkomstestaat.

Rekeningkundige beleid

...vervolg

1.6 Eiendom, aanleg en toerusting

Eiendom, aanleg en toerusting word gehou met die doel om ekonomiese voordeel daaruit te trek oor meer as een periode en is nie aangekoop vir doeleindes van herverkoop nie.

Alle eiendom, aanleg en toerusting word erken teen kosprys. Latere meting word bepaal teen die bate se kosprys min opgelope depresiasi en waardedalings.

Winst en verliese met verkoop van eiendom, aanleg en toerusting word bereken op grond van hulle drawaardes en word in berekening gebring by bedryfs-wins. Met verkope van herwaardeerde bates, word bedrae in die nie-verdeelbare reserwes ten opsigte van die herwaardeerde bates oorgeplaas na onaangewende inkomste.

Depresiasi word oor die verwagte nuttige lewensduur teen 'n vaste paaiemntsgrondslag bereken teen die volgende toepaslike koers:

	%
* Grond	-
* Geboue en verbeterings	2,5 - 2,85
* Masjinerie en toerusting	7,5 - 33,3
* Voertuie	20

Grond word nie gedepresieer nie aangesien dit geag word 'n onbeperkte lewensduur te hê.

1.7 Ontasbare bates

Ontasbare bates, naamlik handelsmerke en klandisiewaarde, word gehou met die doel om ekonomiese voordeel daaruit te trek oor meer as een periode en is nie aangekoop vir doeleindes van herverkoop nie.

Alle ontasbare bates word erken teen kosprys. Daarna word dit getoon as die kosprys van die bate min opgelope amortisasie en enige waardedalings.

Handelsmerke word gekapitaliseer en oor vyf jaar geamortiseer deur middel van die vaste paaiemntmetode.

Klandisiewaarde verteenwoordig die oorskot van die kosprys bo die billike waarde van die netto identifiseerbare bates aangekoop. Dit word geamortiseer oor vyf jaar deur middel van die vaste paaiemntmetode.

1.8 Voorraad

Voorraad verteenwoordig bates wat gehou word vir verkoop in die normale gang van sake, vir die produsering van bates vir verkoop, of vir die verbruik in produksieprosesse of levering van dienste.

Die koste van voorraad sluit in die kosprys, produktiekoste en enige koste aangegaan om dit te bring tot die huidige ligging en toestand, gereed vir die beoogde doel. Rente word nie ingesluit by voorraadkoste nie, maar erken as 'n uitgawe in die periode aangegaan.

Koste van produksie sluit in koste direk toeskryfbaar aan eenhede geproduseer en sluit in direkte koste soos direkte lone en salaris en veranderlike bokoste sowel as die sistematiese toedeling van vaste produktiekoste gebaseer op die produksiefasiliteit se normale kapasiteit.

Voorraad word teen die laagste van kosprys of netto realiseerbare waarde getoon. Netto realiseerbare waarde is die geraamde verkoopsprys in die normale gang van sake.

Die koste van voorraaditems word gemeet op grond van hulle kenmerke, wat betrek hulle aard en gebruik. Gedurende die finansiële jaar is die rekeningkundige beleid met betrekking tot die waardasiebasis van handelsware voorraad verander vanaf die eerste-in-eerste-uit-metode na die geweegde gemiddelde koste metode. Hierdie verandering in rekeningkundige beleid het nie 'n noemenswaardige effek op die vorige jaar se syfers gehad nie en geen vorige jaar aansuiwing is aangetoon nie.

Die kosprys van voorraad word volgens die geweegde gemiddelde koste metode bepaal behalwe waar dit toepaslik is om 'n ander basis te gebruik op grond van die voorraad se kenmerke. Voorraad se kosprys bepaal op 'n ander basis as geweegde gemiddelde koste is soos volg:

* Grondbone

Standaardkoste en geweegde gemiddelde koste metode

* Eie graankommunitete

Spesifieke kontrakprys

1.9 Agentskapsgraandebiteure

Agentskapsgraandebiteure verteenwoordig betalings gemaak ten behoeve van derde partye ten opsigte

van landbouprodukte ontvang vanaf produsente en is betaalbaar deur die derde party bylewering van sodanige landbouprodukte aan hulle. Verkope ten behoeve van verkoopskontrakte waarvoor voorraad as sekuriteit dien, word ook hierby ingesluit.

1.10 Uitgestelde belasting

Daar word voorsiening gemaak vir uitgestelde belasting ten opsigte van alle wesenlike tydelike verskille wat ontstaan tussen die belastingbasisse van bates en laste en hul drawardes vir finansiële verslagdoeningsdoeleindes deur gebruik te maak van die belastingkoers wat op jaareinde geld. Die aanspreeklikheid vir uitgestelde belasting of uitgestelde belastingbates word aangepas met enige veranderinge in die inkomstebelastingkoers.

Volgens hierdie metode moet die Groep voorsiening maak vir uitgestelde inkomstebelasting op herwaardasies van sekere nie-bedryfsbates en op die verskil tussen billike waardes en die belastingbasis van bates tydens verkryging.

Uitgestelde belastingbates wat bestaan as gevolg van onbenutte belastingverliese word erken tot die mate wat dit waarskynlik is dat toekomstige belasbare inkomste beskikbaar sal wees waarteen die onbenutte belastingverliese benut kan word.

1.11 Verpligting ten opsigte van langtermyn werknehervoordele

1.11.1 Aftreeeverpligting

Die aftreeeverpligting behels omskrewe vaste-bydraefondse geregistreer in terme van die Pensioenfondswet, 1956 en die bates word apart deur trustees geadministreer. Befondsing geskied ingevolge diensvooraardes deur middel van bydraes deur die Maatskappy en deelnemende filiale asook werknekmers. Bydraes word erken in die inkomstestaat in die periode waarin dit aangegaan word. Die aftreefonds word driejaarliks aktuarieel waardeer en die laaste waardasie het geskied op 1 Mei 2004. Die evalueringsmetode waarop die aktuariele waardasie gegrond word, is die vergelyking van verpligte ten opsigte van diens voor die evalueringsdatum en die bestaande bates van die fondse. Indien die fondse onder 100% befonds is, ontstaan 'n tekort weens daling in die waarde van bates onder die aanvanklike koste daarvan en word dit geabsorbeer deur lede by wyse van dienooreenkomsdig verlaagde voordele.

Gevollik dra die Groep geen blootstelling ten opsigte hiervan nie.

1.11.2 Na-aftrede mediese sorg verpligting

Die toekomstige koste van na-aftrede mediese koste word teen inkomste voorsien, gegronde op 'n onafhanklike jaarlikse aktuariële waardasie. Die koste word teen die inkomstestaat erken op die infaseringsmetode vir oorgangsreëlings gegronde op die feit dat die verpligting ten opsigte van bestaande pensioenarisce waarvan die totale verpligting voorsien moet word teen 30 April 2005.

1.12 Korttermyn werknehervoordele

Hierdie sluit normale voordele soos salarisse, lone, betaalde verlof, siekterverlof, winsdeling- en ander bonusse asook byvoordele in ten opsigte van huidige werknekmers en word erken teen inkomste in die tydperk waarin dit aangegaan word.

'n Voorsiening word geskep ten opsigte van die verwagte koste van aansporingsbonusse wanneer daar 'n konstruktiewe verpligting bestaan en 'n akkurate beraming van die verpligting gemaak kan word.

'n Voorsiening word geskep ten opsigte van die verwagte koste van die verpligting ten opsigte van beide normale en langdiensverlofdae opgehoop, omgeskakel na 'n randwaarde op jaareinde gegronde op die kontantekwivalent daarvan. Die nodige aanpassing word verrekken teen inkomste in die inkomstestaat.

'n Voorsiening word geskep ten opsigte van normale dertiende thek bonusse opgeloop aangesien pro rata-uitbetaling geskied indien bedanking plaasvind voor die personeel lid se verkose normale uitbetelingsdatum.

Uitdienstredingsvoordele by diensbeëindiging word as 'n verpligting en uitgawe erken wanneer die onderneeming verbind is tot die beëindiging van die pos voor normale werknekmeraftrede of wanneer voordele aangebied word om vrywillige oortollige diensbeëindiging aan te moedig. Indien dit egter onseker is wie die aanbod sal aanneem, word slegs 'n voorwaardelike aanspreeklikheid openbaar.

1.13 Inkomste erkenning

Inkomste verteenwoordig die netto gefaktureerde waarde van goedere en dienste sowel as enige kommissie ontvang voortspruitend uit die aktiwiteite

Rekeningkundige beleid

...vervolg

as graanhanteerder en verskaffer van versekering en finansiële dienste. Rente ontvang wat voortspruit uit kredietverskaffing word ook as inkomste getoon, slegs tot die mate waar toe invordering redelik seker is. Inkomste word getoon met die uitsluiting van belasting op toegevoegde waarde.

Intergroepverkope word geëlimineer.

Inkomste uit verkope van goedere word erken wanneer wesenlike risiko's en vergoeding vir eienaarskap van die goedere oorgedra word aan die koper en dit redelik seker is dat die ekonomiese voordele betrokke by die transaksie na die onderneming sal vloei.

Inkomste op agentskapsgraandebiteure word op 'n tydsverhoudingsgrondslag erken soos dienste gelewer word.

Inkomste uit dienste gelewer word erken deur inagneming van die stadium van voltooiing op balansstaatdatum en/of die resultaat daarvan redelik akkuraat bepaal kan word. Indien die inkomste nie redelik akkuraat bepaal kan word nie, word inkomste slegs erken tot die omvang van verhaalbare uitgawes aangegaan.

Wat betref graanverkooptransaksies word prysrisiko-blootstelling met betrekking tot aankope verskans deur verkope op Safex. Waar die doelwit dus verskansing is eerder as lewering aan Safex word hierdie transaksies geëlimineer uit verkope en apart openbaar, as waarde van sake gedoen.

Direkte leweringstransaksies met betrekking tot brandstof, kunsmis, saad en ander boerdery-insette word apart openbaar onder waarde van sake gedoen, aangesien die aard daarvan voldoen aan agentskapsbeginsels, eerder as optrede as prinsipaal. Die onderliggende rede vir die transaksies is finansiering. Die kommissie verdien op die transaksies word steeds verantwoord as omset.

Dividende ontvang uit beleggings word erken wanneer die laaste datum vir registrasie verstryk het.

1.14 Finansiële instrumente en billike waarde

Finansiële bates word erken wanneer die Groep die reg of toegang tot ontvangs van ekonomiese voordele het. Sodanige bates bestaan uit kontant, 'n kontraktuele reg om kontant te ontvang of 'n ander finansiële bate. Finansiële verpligtinge word erken waar daar 'n

verpligting is om ekonomiese voordele oor te dra en daardie verpligting 'n kontraktuele verpligting is om kontant of 'n ander finansiële bate of om 'n finansiële instrument oor te dra aan 'n ander entiteit.

Afgeleide finansiële instrumente

Afgeleide instrumente word deur die Groep gebruik in die bestuur van besigheidsrisiko's. Dit word aanvanklik in die balansstaat teen die kosprys erken en daarna teen die billike waarde herwaardeer. Die metode om die gevoglike wins of verlies te erken, is afhanklik van die aard van die item wat verskans word. Die Groep ken sekere finansiële instrumente toe as:

- 'n verskansing van die billike waarde van 'n erkende bate of verpligting (billike waarde verskansing); óf
- 'n verskansing van 'n vooruit transaksie of van 'n vaste verbintenis (kontantvloei verskansing).

Verandering in die billike waarde van afgeleide instrumente wat toegeken is en kwalifiseer as 'n billike waarde verskansing, en ook hoogs effektief is, word in die inkomstestaat verantwoord tesame met enige veranderinge in die billike waarde van die verskanste bate of verpligting wat toeskrybaar is aan die verskansingsrisiko en word dus effektief verreken. Veranderinge in die billike waarde van afgeleide instrumente wat toegeken is en kwalifiseer as 'n kontantvloeiverskansing, en ook hoogs effektief is, word in ekwiteit verantwoord. Indien die vooruit transaksie of vaste verbintenis tot gevolg het dat 'n bate of verpligting erken word, word die winste en verliese wat vroeër in ekwiteit uitgestel is, oorgeplaas vanaf ekwiteit en ingesluit in die aanvanklike bepaling van die koste van die bate of verpligting. Andersins word bedrae uitgestel in ekwiteit, oorgeplaas na die inkomstestaat en geklassifiseer as inkomste of uitgawe in dieselfde periode as wat die verskanste vaste verbintenis of vooruit transaksie die inkomstestaat beïnvloed.

Veranderinge in die billike waarde van enige afgeleide instrument wat nie kwalifiseer vir verskansingsrekeningkundige verantwoording met verwysing na RE 133 nie, word onmiddellik in die inkomstestaat erken.

Indien 'n verskansingsinstrument verval of verkoop word, of indien 'n verskansing nie meer aan die kriteria vir verskansingsrekeningkundige verantwoording

met verwysing na RE 133 voldoen nie, word enige kumulatiewe wins of verlies wat op daardie stadium in ekwiteit bestaan, in ekwiteit behou en erken wanneer die vaste verbintenis of vooruit transaksie finaal in die inkomstestaat erken word. Indien daar verwag word dat 'n vaste verbintenis of vooruit transaksie nie meer sal plaasvind nie, word die gerapporteerde kumulatiewe wins of verlies onmiddellik na die inkomstestaat oorgeplaas.

Die Groep dokumenteer tydens die ontstaan van die transaksie die verwantskap tussen die verskansingsinstrument en die verskanste item, asook die risikobestuursdoelwit en strategie vir die aangaan van verskansingstransaksies. Insluitend in hierdie proses word alle afgeleide instrumente as verskansings aan spesifieke bates en verpligtinge of aan spesifieke vaste verbintenisse of vooruit transaksies toegeken. Die Groep dokumenteer ook beide die waardasies, tydens die ontstaan asook op 'n deurlopende basis, om te bepaal of die afgeleide instrument wat gebruik word in verskansingstransaksies wel hoogs effektiief is om die veranderinge in billike waarde of kontantvloeい van die verskanste items te verreken.

Kommoditeitstermynkontrakte

Die Groep tree op in verskeie oor die toonbank toekomstige koop- en verkoopkontrakte vir die koop en verkoop van graankommoditeite. Sodanige kontrakte word oorspronklik in die balansstaat teen kosprys erken en word dan teen billike waarde herwaardeer. Hierdie kontrakte vorm deel van die Groep se risikobestuursbeleid en verskansingstrategie. Enige toename en/of afname in die vereiste bedrag om die bate of las te vereffen of te verhaal, word verreken teen die ooreenstemmende beweging in die waarde van die verskansingsinstrument. Die winste en verlies word dus verreken vir verslagdoeningsdoeleindes.

Valutatermynkontrakte

Valutatermynkontrakte word gebruik deur die Groep in die bestuur van blootstelling aan valuta fluktuasies en word dus effektiief gebruik om risiko's in die verband vas te pen. Dit is hoogs effektiieve verskansingsinstrumente soos gedefinieer deur die rekening-kundige standpunt RE 133 en word dus herwaardeer teen die instrument se billike waarde. Aanpassings word verreken teen die onderliggende bate of las se billike waarde aanpassing.

Billike waarde

Die billike waarde van afgeleide instrumente is

gebaseer op gekwoteerde markpryse op die balansstaatdatum. Die billike waarde van buitelandse valutatermynkontrakte word vasgestel deur gebruik te maak van valutatermyn-markkoerse soos op die balansstaatdatum. Finansiële bates en verpligtinge met 'n vervaldatum wat minder as een jaar is, se billike waarde word aanvaar as die sigwaarde min enige beraamde kredietaanpassings. Die billike waarde van nie-bedryfsfinansiëleverpligtinge word beraam deur die toekomstige kontraktuele kontantvloeie te verdiskontere teen die huidige markrentekoerse wat vir soortgelyke instrumente vir die Groep beskikbaar is.

Verrekening

Waar 'n wettige reg vir verrekening bestaan vir erkende finansiële bates en laste en daar 'n bedoeling is om die betrokke bates en laste gelyktydig op 'n netto basis te vereffen, word sodanige bedrae teen mekaar verreken.

Openbaarmaking in verband met finansiële instrumente waarby die Groep 'n party is, word getoon in aantekening 23.

1.15 Buitelandse valutatransaksies

Transaksies in buitelandse valuta word omgeskakel teen die lokokoers op transaksiedatum. Monetêre bates en/of laste in buitelandse valuta word omgeskakel in Suid-Afrikaanse rand deur gebruik te maak van die lokokoers op finansiële jaareinde.

Winste en verliese wat ontstaan met die vereffening of verhaling van sodanige transaksies word in die inkomstestaat erken.

1.16 Kontant en kontantekwivalente

Kontant en kontantekwivalente, wat 'n geïntegreerde deel van kontantbestuur uitmaak, sluit in kontant op hande en oortrokke banksaldo's. Oortrokke banksaldo's word as bedryfslaste getoon.

Vir doeleindes van die kontantvloeistaat bestaan kontant en kontantekwivalente uit kontant en kontantekwivalente soos hierbo gedefinieer, na inagneming van oortrokke bankrekeninge.

1.17 Gekapitaliseerde bruikhure en bedryfshure

Gekapitaliseerde bruikhure

Hure van eiendom, aanleg en toerusting wat in wese al die risiko's en vergoeding verbonde aan eiendomsreg van 'n bate, aan die Groep oordra, word as

Rekeningkundige beleid

...vervolg

gekapitaliseerde bruikhure geklassifiseer. Eiendom, aanleg en toerusting wat ingevolge 'n bruikhuur-ooreenkoms gehuur word, word teen die netto teenswoordige waarde gekapitaliseer. Elke bruikhuurbetaling word toegedeel tussen finansieringskoste en die vermindering van die uitstaande aanspreeklikheid. Die finansieringskoste word gedurende die huurtermyn aan tydperke toege wys ten einde 'n konstante periodieke rentekoers op die oorblywende saldo van die aanspreeklikheid vir elke tydperk te lewer. Uitstaande bruikhuurbetalings, netto van finansieringskoste, word ingesluit in langtermynlaste. Die eiendom, aanleg en toerusting verkry deur middel van die finansieringsbruikhure word gedepre sieer oor die verwagte lewensduur van die bates.

Bedryfshure

Hure van eiendom, aanleg en toerusting waarin wese al die risiko's en vergoeding verbonde aan eiendomsreg van 'n bate deur die verhuurder behou word, word as bedryfshure geklassifiseer. Betalings gemaak vir bedryfshure word in die inkomstestaat erken op 'n reguitlynbasis oor die tydperk van die huurkontrak.

1.18 Handels- en ander debiteure

Debiteure word getoon teen die verwagte realisbare waarde daarvan; dit is die oorspronklike faktuurbedrag min enige voorsienings geskep deur middel van waardedalings. 'n Voorsiening vir waardedaling word bereken indien daar bewyse is dat die Groep nie alle bedrae, soos vasgestel in die oorspronklike terme, van die debiteure kan verhaal nie. Die bedrag van die voorsiening is die verskil tussen die drawaarde en die verhaalbare bedrag, wat die teenswoordige waarde van toekomstige kontantvloeie is, verdiskon teer teen die markkoers of rente soos op soortgelyke debiteure toegepas. Slegte skulde word afgeskryf in die jaar waarin dit geïdentifiseer word of plaasvind.

1.19 Waardedaling van bates

Alle kategorieë bates word by verslagdoening heroorweeg vir waardedalings. (Sien aantekeninge 2, 3 en 25.)

Waardedaling van bates word bereken wanneer die drabedrag van bates die verhaalbare bedrag oorskry en is die bedrag waarmee die drabedrag van 'n bate sy verhaalbare bedrag oorskry. Die verhaalbare bedrag word bepaal as die grootste van die netto verkoopsprys en die gebruikswaarde van 'n bate. Die gebruikswaarde van 'n bate word bepaal as die huidige waarde

van die toekomstige kontant in- en uitvloei wat uit voortgesette gebruik van die bate verkry sal word, verdiskon teer teen 'n gepaste diskontokoers vir die betrokke bate.

1.20 Voorsienings, voorwaardelike aanspreeklikhede en bates

Voorsienings en ander aanspreeklikhede

Voorsienings is aanspreeklikhede waarvan die tydsberekening en bedrag onseker is en kan dus van ander krediteure onderskei word om hierdie rede. Voorsienings word slegs erken as:

- daar 'n huidige onafwendbare of wetlike verpligting is weens 'n vorige gebeurtenis wat reeds plaas gevind het;
- uitvloei van ekonomiese voordele waarskynlik is om die verpligting na te kom; en
- 'n betroubare raming van die bedrag gemaak word.

Voorsienings word openbaar in aantekening 17.

Aanspreeklikhede is huidige verpligtinge wat spruit uit vorige gebeure waarvan die nakoming na verwagting daartoe sal lei dat ekonomiese voordele uit die onderneming sal vloeи en word erken sodra die gebeurtenis, wat aanleiding tot die verpligting gegee het, plaas gevind het. Aanspreeklikhede vorm deel van krediteure in die balansstaat.

Voorwaardelike aanspreeklikhede

Voorwaardelike aanspreeklikhede is 'n moontlike verpligting wat spruit uit vorige gebeure en waarvan die bestaan slegs bevestig sal word deur die plaasvind of nie-plaasvind van een of meer onsekere toekomstige gebeurtenisse wat nie binne volle beheer van die onderneming is nie.

Dit kan ook ontstaan uit 'n huidige verpligting uit vorige gebeure maar word nie erken nie omdat:

- dit onwaarskynlik is dat uitvloei van ekonomiese middele sal plaasvind; en
- die bedrag nie betroubaar gemeet of beraam kan word nie.

Voorwaardelike aanspreeklikhede word nie te boek gestel nie, maar word bloot by wyse van aantekening in die finansiële state geopenbaar.
(Sien aantekening 19.)

Voorwaardelike bates

Voorwaardelike bates is moontlike ekonomiese voordele wat spruit uit vorige gebeure en waarvan die bestaan slegs bevestig sal word deur die plaasvind of nie-plaasvind van een of meer onsekere toekomstige gebeure wat nie binne volle beheer van die onderneming is nie.

Voorwaardelike bates word nie erken nie, maar slegs by wyse van aantekening geopenbaar.

1.21 Eindigende bedrywe

'n Eindigende bedryf is 'n komponent van 'n onderneming:

- wat die onderneming, in navolging van 'n enkele plan:
 - wesenlik in die geheel besig is om te vervreem deur byvoorbeeld die verkoop van die komponent in 'n enkele transaksie, deur ontbondeling, of 'n newevoordeel van eienaarskap van die komponent aan die onderneming se aandeelhouers;
 - stuksgewys besig is om te vervreem deur byvoorbeeld die verkoop van die komponent se bates en individuele vereffening van sy laste; of
 - besig is om deur staking daarvan, te beëindig;
- wat 'n afsonderlike belangrike sakesegment of geografiese gebied van bedrywighede verteenwoordig, en of
- wat vanuit 'n bedryfsperspektief en vir finansiële verslagdoeningdoeleindes onderskei kan word.

Die aanvanklike openbaarmakingsgebeurtenis is wanneer:

- Die onderneming 'n bindende verkoopsooreenkoms aangegaan het vir feitlik al die bates wat aan die eindigende bedryf toeskryfbaar is; of
- Die onderneming se direksie beide:
 - 'n gedetailleerde, formele plan vir beëindiging goedgekeur; en
 - die plan aangekondig het.

Alle inkomste en uitgawes, winste of verliese toeskryfbaar aan beëindiging word apart in 'n aantekening tot die finansiële state geopenbaar.

(Sien aantekening 27.)

1.22 Segmentverslagdoening

Die Groep se primêre formaat vir segmentverslagdoening is die volgende besigheidsegmente: Insetverskaffing, Marktoegang, Nywerhede en Korporatiewe items.

Intersegmentele oordragte: Segmentinkomste, segmentuitgawes en segmentresultate sluit oordragte tussen besigheidsegmente in. Hierdie oordragte geskied op 'n armlengtebasis en word met konsolidasie geëlimineer.

Segmentinkomste en -uitgawes: Die inkomste en uitgawes wat direk verwant is aan segmente word spesifiek na daardie segmente geallokeer.

Segmentbates en -laste: Segmentbates sluit alle bedryfsbates in wat deur 'n segment gebruik word en sluit hoofsaaklik in kontant, bedrae ontvangbaar, voorraad en eiendom, aanleg en toerusting, netto van voorsienings. Segmentlaste sluit alle bedryfsverpligte in en bestaan hoofsaaklik uit bedrae betaalbaar.

1.23 Vergelykende syfers

Waar rekeningkundige beleid verander het gedurende die jaar en die resultaat daarvan wesenlik is ten opsigte van die begrip van die finansiële posisie van die Groep, is die vergelykende syfers hersaamgestel of herstateer. Waar nodig is syfers ook herklassifiseer.

Sekere vergelykende inligting t.o.v. RE 133 openbaarmaking is nie beskikbaar nie.

Balansstaat

soos op 30 April

	Aantekening	GROEP		MAATSKAPPY		
		2004 R'm	2003 R'm	2004 R'm	2003 R'm	
BATES						
Nie-bedryfsbates						
Eiendom, aanleg en toerusting	2	224	257	186	202	
Ontasbare bates	3	-	-	-	-	
Belegging in filiale	4	-	-	46	63	
Finansiële bates	5	71	63	71	50	
Uitgestelde belasting	I8.1	86	117	82	112	
		381	437	385	427	
Bedryfsbates						
Voorraad	6	730	555	672	224	
Handels- en ander debiteure	7	767	1 042	715	800	
Korttermynlenings	8	18	9	48	25	
Agentskapsgraandebiteure	9	236	287	262	314	
Vooruitbetalings		-	4	-	1	
Kontant en kontantekwivalente	I2.3	21	47	21	122	
		1 772	1 944	1 718	1 486	
TOTALE BATES		2 153	2 381	2 103	1 913	
EKWITEIT EN AANSPREEKLIKHEDE						
Kapitaal en reserwes						
Aandelekapitaal	I0	1	1	1	1	
Aandelepremie	I1.1	74	73	74	75	
Nie-verdeelbare reserwe	I1.2	357	385	353	384	
Onaangewende inkomste/(opgelope verlies)		137	(87)	136	(82)	
		569	372	564	378	
Nie-bedryfslaste						
Langtermynlaste	I3	4	4	1	1	
Na-aftrede verpligtinge	I4	56	109	55	93	
		60	113	56	94	
Bedryfslaste						
Handels- en ander krediteure	I5	374	636	333	402	
Rentedraende korttermynlenings	I6	1 067	1 115	1 067	962	
Lopende deel van langtermynlenings	I3	-	2	-	-	
Gelde vooruitontvang		-	4	-	4	
Voorsienings	I7	83	139	83	73	
		1 524	1 896	1 483	1 441	
TOTALE EKWITEIT EN AANSPREEKLIKHEDE		2 153	2 381	2 103	1 913	

Inkomstestaat

vir die jaar geëindig 30 April

Aantekening	GROEP		MAATSKAPPY	
	2004 R'm	2003 R'm	2004 R'm	2003 R'm
Inkomste	*			
Dienste gelewer	476	635	476	635
Rente ontvang	127	189	127	189
Ander bedryfsaktiwiteite	3 876	6 839	2 927	4 562
Omset	4 479	7 663	3 530	5 386
Ander				
Verskansingstransaksies	4 627	4 126	4 627	4 126
Direkte transaksies	549	542	549	542
Waarde van sake gedoen	9 655	12 331	8 706	10 054
Omset	4 479	7 663	3 530	5 386
Koste van verkope	(3 498)	(6 460)	(2 694)	(4 479)
Bruto wins	981	1 203	836	907
Distribusie- en verkoopsadministratiewe uitgawes	(660)	(944)	(546)	(675)
Bedryfswins	321	259	290	232
Finansieringskoste	21	(135)	(216)	(129)
Wins na finansieringskoste	186	43	161	42
Beleggingsinkomste	14	13	33	14
Wins voor belasting	22	200	194	56
Inkomstebelasting		(32)	(30)	4
Netto wins	18	168	164	60
Verdienste per aandeel (sent)	24.1	83,0	27,4	
Wesensverdienste per aandeel (sent)	24.2	64,7	48,4	
Dividend per aandeel (sent)		5,5	-	

* Sien rekeningkundige beleid I.B

Staat van verandering in ekwiteit

vir die jaar geëindig 30 April

	Aantekening	Aandeel- kapitaal R'm	Aandeel- premie R'm	Nie-verdeel- bare reserwe R'm	Onaange- wende inkomste/ (opgelope verlies) R'm	Totaal R'm
GROEP						
Saldo op 30 April 2002		1	75	392	(166)	302
Maatskappy aandele		1	76	-	-	77
Nie-verdeelbare reserwe		-	-	392	-	392
Onaangewende inkomste		-	-	-	(166)	(166)
Onderlinge aandeelhouding		-	(1)	-	-	(1)
Verskansingsrekeningkunde		-	-	(5)	-	(5)
Terugkoop van eie aandele		-	(2)	-	-	(2)
Terugskryf van negatiewe klandisiewaarde		-	-	(6)	-	(6)
Oordrag na nie-verdeelbare reserwe		-	-	4	(4)	-
Netto wins		-	-	-	83	83
Soos voorheen getoon		-	-	-	56	56
Openingsbalans aansuiwering	5.2.3	-	-	-	27	27
Saldo op 30 April 2003		1	73	385	(87)	372
Verskansingsrekeningkunde		-	-	5	-	5
Billike waarde aanpassing (RE 133)		-	-	-	24	24
Terugkoop van eie aandele		-	(1)	(1)	-	(2)
Onderlinge aandeelhouding		-	2	-	-	2
Netto wins		-	-	-	168	168
Oordrag vanaf nie-verdeelbare reserwe		-	-	(32)	32	-
Saldo op 30 April 2004		1	74	357	137	569
MAATSKAPPY						
Saldo op 30 April 2002		1	76	380	(165)	292
Netto wins		-	-	-	87	87
Soos voorheen getoon		-	-	-	60	60
Openingsbalans aansuiwering	5.2.3	-	-	-	27	27
Terugkoop van eie aandele		-	(1)	-	-	(1)
Oordrag na nie-verdeelbare reserwe		-	-	4	(4)	-
Saldo op 30 April 2003		1	75	384	(82)	378
Netto wins		-	-	-	164	164
Billike waarde aanpassing (RE 133)		-	-	-	24	24
Terugkoop van eie aandele		-	(1)	(1)	-	(2)
Oordrag vanaf nie-verdeelbare reserwe		-	-	(30)	30	-
Saldo op 30 April 2004		1	74	353	136	564

Kontantvloeistaat

vir die jaar geëindig 30 April

Aante-kening	GROEP		MAATSKAPPY	
	2004 R'm	2003 R'm	2004 R'm	2003 R'm
NETTO KONTANTVLOEI UIT BEDRYFSAKTIWITEITE	(207)	728	(241)	711
Kontant deur bedrywighede voortgebring	28	348	309	317
(Verhoging)/verlaging in bedryfskapitaal	29	(434)	(454)	570
Beleggingsinkomste		14	13	14
Finansieringskoste betaal		(135)	(216)	(129)
Inkomstebelasting betaal	30	-	(3)	-
NETTO KONTANTVLOEI UIT BELEGGINGSAKTIWITEITE	231	(10)	37	28
Aankoop van eiendom, aanleg en toerusting	31	(21)	(49)	(20)
Opbrengs met die verkoop van eiendom, aanleg en toerusting	32	43	33	43
(Toename)/afname in beleggings		30	7	(34)
Netto opbrengs met verkoop van filiale		187	-	61
(Toename)/afname in korttermynlenings toegestaan		(8)	(1)	(13)
NETTO KONTANTVLOEI VOOR FINANSIERINGSAKTIWITEITE	24	718	(204)	739
NETTO KONTANTVLOEI UIT LANGTERMYN				
FINANSIERINGSAKTIWITEITE				
Terugkoop van eie aandele	33	(2)	(2)	(2)
Afname in langtermynlenings		-	(3)	-
NETTO TOENAME/(AFNAME) IN KONTANT	22	713	(206)	737
Netto korttermynlenings na inagneming van kontant aan begin				
van die tydperk				
NETTO KORTTERMYNLENINGS NA INAGNEMING VAN	(1 068)	(1 781)	(840)	(1 577)
KONTANT AAN DIE EINDE VAN DIE TYDPERK	12.3	(1 046)	(1 068)	(1 046)
				(840)

Aantekeninge tot die finansiële state

1. SEGMENTONTLEDING

1.1 Segmentresultate en -inkomste

	GROEP		GROEP	
	Segmentomset		Segmentresultaat (voor belasting)	
	2004 Totaal R'm	2003 Totaal R'm	2004 Totaal R'm	2003 Totaal R'm
Insetverskaffing	1 074	1 394	(37)	6
Marktoegang	2 336	3 854	197	156
Nywerhede	403	372	15	19
Eindigende bedrywe	739	2 106	23	(66)
	4 552	7 726	198	115
Nie-toedeelbaar en Korporatief	12	19	(40)	(29)
Intersegment verkope aan ander segmente	(85)	(82)	-	-
Beleggingsinkomste	-	-	14	13
Abnormale items	-	-	28	(43)
	4 479	7 663	200	56

1.2 Segment balansstaatinligting

	GROEP Bates		GROEP Laste		GROEP Netto	
	2004 R'm	2003 R'm	2004 R'm	2003 R'm	2004 R'm	2003 R'm
Insetverskaffing	754	972	(159)	(218)	595	754
Marktoegang	962	520	(162)	(174)	800	346
Nywerhede	153	147	(65)	(91)	88	56
Eindigende bedrywe	11	452	(8)	(482)	3	(30)
	1 880	2 091	(394)	(965)	1 486	1 126
Nie-toedeelbaar en Korporatief	120	100	(100)	(74)	20	26
Beleggings	82	41	-	-	82	41
	2 082	2 232	(494)	(1 039)	1 588	1 193
Uitgestelde belasting	81	112	-	-	81	112
Bank	22	122	-	-	22	122
Voorsiening na-aftrede medies	-	-	(55)	(93)	(55)	(93)
Korttermynlenings	-	-	(1 067)	(962)	(1 067)	(962)
	2 185	2 466	(1 616)	(2 094)	569	372
Rekonsiliasie van segmentbates en -laste						
Totale bates of laste	2 153	2 381	(1 584)	(2 009)	569	372
Konsolidasie-inskrywings	(32)	(85)	32	85	-	-
Segmentontleding	2 185	2 466	(1 616)	(2 094)	569	372

vir die jaar geëindig 30 April

1.3 Segment aantoonbare items

	GROEP Kapitale uitgawes		GROEP Depresiasie		GROEP Waardedalings	
	2004 R'm	2003 R'm	2004 R'm	2003 R'm	2004 R'm	2003 R'm
Aantoonbare items						
Normale besigheid						
Insetverskaffing	1	7	3	4	-	2
Marktoegang	8	24	11	11	-	-
Nywerhede	5	3	4	5	1	4
Eindigende bedrywe	-	6	-	7	-	49
Korporatief	9	7	9	9	-	3
	23	47	27	36	1	58
 Nie-kontanttransaksies						
Normale besigheid						
Insetverskaffing	39	(8)	4	-	-	-
Marktoegang	20	(5)	-	-	38	-
Nywerhede	(1)	1	-	-	35	32
Eindigende bedrywe	(6)	81	-	5	-	-
Korporatief	(10)	78	-	-	-	-
	42	147	4	5	73	32

